# DIE

# VERBORGENHEID

**Deur die innerlike word gedikteer aan:**

**Louise Snyder**

Gedruk en geset deur:
**Ariël Drukkers**
Posbus 1130
Hartebeespoort,
0216
Tel: (012) 376 2532
3762999/7
Faks: 376 2983
e-pos: koerier@global. co. za
Webwerf: www.
nuweopenbaring. co. za

# DIE VERBORGENHEID

**In hierdie boek, die VYFDE in `n reeks eindtyd openbaringe aan Louise Snyder, gaan ons dierbare Verlosser voort om ons bewus te maak van Sy groot verlossingsplan, asook die groot reinigingsproses wat ons as gelowiges sal moet deurmaak, sodat ons Hom, eerstens in die gees, en daarna met ons vleeslike oë, sal kan sien. Verder openbaar Hy diep verborgenhede van die Skrif aan ons, veral oor die komende eindtyd stryd wat voorlê.**

# DIE VERBORGENHEID

***22 Jan. 2008 07:13***

Jahshua het my in SY arms en ek vra HOM wat ek nou vir HOM moet tik, aangesien ek klaar is met "***Op Golgota 2"***. HY wys my SY regterhand en maak hom oop. Daar binne is iets wat ek nie kan sien nie en moes mooi kyk en met my hand daar vroetel voordat ek iets kon sien. Dit was die mooiste diamant en uit hom het die mooiste kleure op Jahshua se Hand geskitter. Toe sê HY vir my dat dit is wat HY nou vir MY gaan gee om te skryf. Die boek se naam is, "***Die Verborgendeid"*** en HY sal wonderlike dinge vir ons hierdeur gee.

## Hoofstuk 1

EK sal julle lei, MY kleintjies sodat julle MY ook in hierdie werk kan sien en julle MY hierdeur kan dien en MY kan liefkry. Die van julle wat al MY vorige boeke aan julle gelees het, sal weet dat EK al baie dinge aan julle bekend gemaak het en julle nou ook al die toekomstige dinge sal kan weet. Daar is egter nog baie ander dinge wat julle nog nie weet nie en EK sal vir julle daaroor ook helderheid gee. Julle sal MY hierin herken as julle genoeg liefde vir MY binne julle harte het, maar wanneer julle die boek krities sal lees en MY nie hierin raaksien nie, sal julle baie dinge mis en EK sal dan nie die verborgenhede hierin in jou hart bekendmaak nie. Hierdie boek sal vir julle elkeen wat MY Woorde glo, baie beteken en julle moet elke les hierin in julle harte ontleed en EK sal die verborge les agter die les aan julle bekend maak. Julle moet MY egter kom vra vir die onderskeiding en die verstand in die hart sodat EK julle dit kan gee.

Amen.

# Hoofstuk 2

***22 Jan. 2008 07:23***

Gaan na die mier, luiaard en word wys! Waarom het die skrywer van díe spreuk dit gesê? Was dit net omdat die miere flukse diertjies is, of is daar iets anders agter dit verberg? Kom EK vertel julle waarom hy so gesê het. MY kinders, in die ryk van die miere is daar mos 'n koningin en al die miere skarrel net om haar gelukkig te hou, sodat sy die mierkolonie kan voorsien van eiers en so die voortleef van die nes verseker. Maar daar is nog iets anders wat julle nie weet nie. Waarom sterf die mierkolonie uit as die koningin vrek? Daar is mos genoeg ander miere en eiers om die voortbestaan van die nes te verseker! Maar wat julle nie weet nie, is dat die koningin die siel van die nes in haarself dra. Sy hou die lewe van die nes in haar vet liggaam vas. MY kinders, dit klink nou vir julle snaaks, omdat die miere elkeen sy eie lewe ook het en kan rondbeweeg sonder dat hulle naby die koningin is. Maar sy verskaf aan hulle 'n sielesubstansie wat hulle almal aan die lewe hou en dit is die belangrikheid van die koningin. Sy het alles in haar "hande". Het julle al gesien dat die miertjies verantwoordelik vir haar versorging, haar die hele tyd streel sodat sy moet eiers lê? Dit is nie die enigste rede daarvoor nie. Hulle streel haar lyfie en daardeur skei sy genoeg van die sielesubstansie af sodat al die miere in die hele nes van haar geur ontvang en daardeur krag kry om aan te gaan. Die miertjies asem dit in terwyl hulle in die nes rondloop, al is sy in die heel onderste kamer teenwoordig, en hulle ontvang dan hulle krag van haar. MY kinders, die geestelike betekenis daarvan is dan ook as volg. Julle MY kinders, moet die hele tyd julle krag van MY ontvang en terwyl julle dan in die stad rondgaan en MY GEES aan ander uitdeel, sal julle ook krag van MY ontvang. Dit is die rede vir die koningin in die nes en net soos wat die miertjies in die gange rondloop en haar sielesubstansie inasem, moet julle in MY gange van die wysheid en liefde rondloop sodat julle kan bly leef. MY GEES sal julle almal aan die lewe hou en julle sal kan voortgaan en ander mense na MY bring en sodoende die voortbestaan van MY kinders bevestig. EK wil julle almal na MY bring waar julle in Liefde sal voortleef en nooit

sal sterf nie. Julle sal almal uitsterf as dit nie vir MY, julle Koning was nie. Kom na MY en EK sal alles vir julle dra en julle sal ook julle kragsubstansie van MY ontvang en niemand sal sonder MY kan oorleef nie. Daarom is die wêreld en sy mense dood in die gees, omdat hulle nie na MY kom en MY GEES inasem nie. Julle wat MY GEES inasem, sal net soos die miertjies kan voortgaan en in werksaamheid verkeer. Sodoende sal julle ook die "nes" waarin MY kinders verkeer vergroot en sal nie uitsterf nie. EK is liefde en as jy in liefde voortleef, sal jy aanhou lewe en nie omkom nie. Julle Ewige Skepper en Vader van alle tye sê hierdie woorde aan julle. As julle nie alles verstaan nie, sal dit aan julle duidelik gemaak word as julle dit met julle harte begeer.

Amen.

# Hoofstuk 3

***22 Jan. 2008 08:10***

EK, julle Vader is alwys en sal julle altyd die regte ding wys en leer. Julle moet nie twyfel in MY Stem nie, omdat dit julle net sal verwar en julle sal dan later nie meer die ware van die valse kan onderskei nie. Kom na MY en EK sal jou baie dinge in jou binneste bekendmaak en jy sal MY dien met oorgawe en Liefde. MY kinders, het julle al ooit gewonder waarom daar twee pole moet wees ? Dit is omdat daar nie een sal wees as die ander nie daar is nie. Sal daar ‘n positief kan wees as daar nie ook ‘n negatief is nie? Nee, want dan sal alles neutraal wees en jy sal niks van mekaar kan onderskei nie. MY kinders, selfs by MY is daar pole en EK het hulle SELF geskep, omdat hulle teen mekaar moet wees om hulle krag teen mekaar te laat werk. In MY Wysheidshemele het EK die lewe en die dood teenoor mekaar gestel. Terwyl EK SELF die lewe is, is daar ook ‘n dood en almal van julle het ‘n vrye keuse om te maak. Julle kan kies vir die lewe of vir die dood. In MY is daar net lewe en EK het nie dood in MY nie, anders sou daar niks uit MY voortgekom het nie. Daar is lig en daar is duisternis en in MY is daar net Lig, anders sou daar nie sonne geskep gewees het nie. Die duisternis is MY teenpool, want hoe sou jy dan kon onderskei tussen lig en duisternis as daar net lig sou wees? So is daar ook die Ewige lewe en die dood te vinde. MY engele het vir die Ewige lewe gekies en sal daarom ewig leef, maar die teenoorgestelde keuse sou hulle die dood gebring het. Julle wonder nou waarop EK afstuur en EK sal julle sê. Julle almal wat nog op aarde is, sal nog moet kies of julle wil leef en of julle dood wil gaan - geestelik. EK wil hê dat julle die regte keuse moet maak en wil die gevolge van julle keuses aan julle bekend maak. As julle die lewe kies, sal julle MY moet kies, omdat net EK lewe gee. Die dood bring vir julle duisternis en geeneen kan leef sonder MY nie. Die duisternis is dan ook die hel waarvan daar gepraat word en elke een wat MY nie gekies het nie, sal dan ewige duisternis in hom hê en as hy die dag te sterwe kom, sal dit nie veel beter gaan in die ryk hierna waarin hy homself dan sal bevind nie. MY kinders, MY teenpool, satan, het niks lig in hom

nie en sal daarom ook nie vir julle lig kan gee nie en daarom word daar gesê dat iemand wat teen MY kies in die duisternis sal voortleef, totdat hy van keuse verander. Niemand kan MY van onregverdigheid beskuldig as hy in die diepste van duisternis sit nie, omdat EK dit aan elkeen voorgehou het en julle self kies. MY kinders, as daar nie teenpole was nie, sou julle ook nie keuses gehad het nie. Watter keuse het iemand as hy net brood in die huis het om te eet? Kan hy kies om iets anders te eet as hy net brood het? Nee, en daarom het EK die lig en duisternis geskep, sodat julle self kan kies. Die lig is net in MY teenwoordig en die duisternis net in satan. Maak julle keuse en kom skaar jou by jou keuse, want die tyd raak min en daar sal vir die wat nie wil kies nie, later nie meer ‘n keuse oorbly nie, want EK sal MY lig van die aarde af onttrek en dan sal die enigste keuse vir die wat oorbly, net die duisternis wees. Kom na die volmaaktheid en verag die onvolmaaktheid waar sonde die oorhand het en jy sal gered word, maar as jy die sonde en daarmee die onvolmaaktheid gekies het, sal jy net jouself te blameer hê as jy dan later uitvind dat EK MY volmaaktheid van die aardbodem onttrek het en jy dan saam met die onvolmaaktes omkom wanneer EK die aarde gaan verwoes.

Dit sê EK, Julle Vader van Ewigheid, aan julle en wil hê dat julle aan die kant van die regte Pool moet wees.

Amen.

# Hoofstuk 4

***23 Jan. 2008 06:53***

Nog ‘n groot verborgenheid wat EK aan julle bekend wil maak, is die verborgenheid van die groot woestyngedeeltes van die aarde. Julle weet dat daar baie woestyne op die aardoppervlakte is en EK het al aan julle gesê dat die woestynareas die liefdeloosheid voorstel. Maar daar is nog iets anders waarvan julle nie bewus is nie en dit is dat dit ook die geestelike afsterwing van die liggaam voorstel. Terwyl EK in die woestyn was, het Satan MY herhaalde-like kere besoek en hy het MY probeer verlei om die verkeerde ding te doen. EK het honger gehad en hy wou MY oortuig om die klippe in brood te verander en sodoende weer in te gee vir MY liggaam se drange. EK het sonder besittings daar rondgedwaal en het niks by MY gehad nie, terwyl EK ook behoefte gehad het aan ‘n plek om MY moeë hoof neer te lê. Satan het MY probeer oortuig om MY liggaam te behaag deur MY al die aardse dinge aan te bied wat in daardie dae beskikbaar was. MY kinders, julle sal ook deur sulke tye gaan en dan is julle in die woestyn van die selfverloëning. Probeer om julle liggame af te sterf terwyl jy nog in die vlees is en moenie ingee vir die behoeftes van die vlees nie. Daarmee wil EK nie sê dat julle nou niks meer moet eet en drink, of dat julle nie meer mag slaap nie. Nee, dit is maar net ‘n paar dinge wat EK opnoem aan julle. Die van julle wat ernstig is om julle liggame te kruisig, sal deur MY gehelp word terwyl julle in die woestyn van die lewe ronddwaal. MY kinders, bly in die liefde, wat MY groen gras is, terwyl julle in die woestyn verkeer wat julle liggame betref. Laat alle drange en begeertes agterweë en volg MY. EK het Satan in die woestyn oorwin en kon daar uitgaan en MY werk begin as die Verlosser van MY volk. Sodra julle deur die woestyn gegaan het, sal julle ook julle volk kan bystaan en hulle help deur MY GEES wat oor julle vaardig geword het. Maar eers moet julle leer om nie die liggaam soveel te behaag nie. Drink water, MY kinders, waarom moet julle die lekkerste koeldranke hê? Wat is fout met ‘n stukkie brood wat in eenvoud geëet word? Móet julle die lekkerste kos hê om te eet? Nee, die liggaam raak net daardeur bederf en wil dan niks meer van die eenvoud weet

nie. Ook moet julle na julle huise oplet en nie altyd die beste wil hê nie. ’n Stoel is ‘n stoel en julle moenie altyd die sagste kussings uitsoek nie. Wanneer julle julle liggame heeltemal so gekruisig het, sal julle Een met MY kan word en EK sal julle bystaan en julle sal dan geen begeerte meer hê vir aardse dinge nie. Dink maar aan jouself, julle wat al ‘n ent gevorder het met jou geestelike lewe, hoe was jy nie in die verlede nie? Baie van julle wat hier lees, wou net die beste gehad het en noudat julle MY woord aanvaar het, het julle baie van die dinge afgesterf en verlang nie meer daarna nie. In die tyd wat kom, sal julle dit baie swaar hê, omdat daar dan nie meer van die geriewe sal wees wat julle nou het nie en julle sal dan ook in ‘n woestyn verkeer wat julle land se ekonomie en álles betref. Dan sal daar nie meer ‘n supermark wees waarna julle gou kan gaan vir ‘n brood of ‘n lekker stuk vleis nie. Daarom wil EK julle nou al help, deurdat EK julle aanbeveel om julle liggame af te sterf, sodat julle nie swaar sal kry in die toekoms nie. Maar dit is nie die belangrikste nie. Die belangrikste is dat julle julle liggame wíl afsterf, sodat julle met MY GEES vervul kan raak. MY GEES sal julle alles gee wat julle nodig het en soos wat EK in die woestyn kon oorleef vir veertig dae aaneen, so sal julle ook kan oorleef sonder kos of water vir ‘n onbepaalde tyd. EK sal julle voed en julle aan die lewe hou sonder dat julle eers honger of dors sal word. Terwyl EK aan die kruis gehang het, het EK ook in die woestyn verkeer, omdat EK nie MY liggaam bo MY kinders se siele gestel het nie en daarom kon EK MY roeping vervul. Sterf nou ook julle liggame af, sodat julle vir julle broeders kan ly en julle almal gereinig voor MY kan wees en wanneer EK jou dan met MY GEES vervul en jy heeltemal Een met MY is, sal jy dan ook kan uitgaan en jou broers en susters van die dood verlos, soos wat EK MY kinders daar uit die diepte van die hel gaan uithaal het. EK sal julle dan in die wêreld instuur en julle sal dan julle broers en susters daar gaan uithaal. Maar voordat julle dit kan doen en ‘n werklike verskil in iemand se lewe maak, moet julle eers julle liggame aflê in die woestyn en EK sal jou ‘n nuwe mens maak, met MY krag vervul, en wat alles kan sien en deurvors. Dit sê EK aan julle - betree die woestyn van selfverloëning en selfoorwinning en jy sal met MY Een word. Amen.

# Hoofstuk 5

***23 Jan. 2008 07:31***

In die verlede het EK aan julle gesê dat julle alles wat julle doen eers aan MY moet opdra en EK sal dit dan vir julle laat uitwerk. Dit is die volgende verborgenheid wat EK aan julle bekend wil maak. Julle almal doen baie keer ‘n ding en daarna is julle spyt, omdat julle nie eers vir MY gevra het of dit die regte ding is nie. Dit is nie eers baie keer ‘n groot ding nie en word ook nie as sonde vir julle toegereken nie, maar wat julle nie weet nie, is dat EK dit nog beter vir julle sou laat uitloop het, as julle dit net aan MY gegee het om vir julle te reël. MY kinders, julle vra MY dikwels vir iets en kry dan geen direkte antwoord nie. Ook sal julle, as julle nie dadelik ‘n antwoord kry nie, en dit is volgens julle ‘n dringende versoek, maar julle eie koppe volg. EK wil julle wys dat julle heeltemal verkeerd handel in daardie opsig. EK het met MY kruisiging op aarde baie mense uit die dood verlos wat nie andersins daaruit sou kom nie. Baie van hulle wat in die gevangenis gesit het, was van plan om met Satan ‘n ooreenkoms aan te gaan sodat hulle net uit die gevangenis kon uitkom. Maar net voor dit kon gebeur, het EK MY intrede daar gemaak en EK het hulle almal daar uitgehaal. Die wat so amper deur Satan verlei is om sy vuilwerk te doen, is dan ook deur MY gered, maar hulle het nie so ‘n groot loon ontvang soos die wat MY in alle opsigte getrou gebly het nie. Daar was van hulle wat al etlike jare (gemeet in aardse jare) daar gesit het en was baie moeg daarvan. Die duisternis het hulle omgeef en hulle het begin twyfel of daar ooit redding vir hulle sou kom. MY kinders, daardie arme siele het dan ook dag en nag om hulp geroep en het gedink dat EK hulle nie hoor nie en dat EK hulle nooit sal red nie. Dit was dan ook die rede dat hulle begin twyfel het en het gedink dat hulle met die Satan ‘n ooreenkoms kan aangaan en sodoende hulleself kon red. Wat hulle nie geweet het nie, was dat Satan hulle nie sou gehelp het nie, maar net dieper in die afgrond sou gooi. EK het daar ingekom en hulle almal daar uitgehaal. Die wat daaraan gedink het om met die duiwel ‘n ooreenkoms te sluit, was dan ook bitter spyt dat dit selfs net in hulle gedagtes opgekom het, omdat hulle die saak in hulle

eie krag wou oplos. MY kinders, hulle is ook deur MY daar uitgehaal, maar dit was vir hulle ‘n teleurstelling om te sien wat hulle toe alles verbeur het. Daarom sê EK ook vir julle, dat baie dinge wat julle self opgelos het op aarde, omdat julle te ongeduldig was vir MY helpende hand, baie beter vir julle sou gewees het en julle sou baie meer voordeel uit die saak getrek het, as julle dit in MY Hand gelos het. Julle het wel die saak goed opgelos gekry, maar dit sou vir julle nóg beter gewees het as julle eie oplossing. Dink daarom in die vervolg na voor julle iets self oplos en nie wil wag vir MY Stem wat vir julle die leiding sal gee nie. EK sal julle lei en julle sake vir julle die beste kan oplos. Los dit net in MY Hande, al kry jy nie ‘n antwoord op die tyd dat jy dit wil hê nie. EK sal jou wel antwoord en jou in jou saak help, sodat dit die beste vir almal sal wees.

Amen.

# Hoofstuk 6

***23 Jan. 2008 08:14***

Julle almal wat nou hier lees, sal eendag voor MY kom staan en EK sal julle alles kan wys wat julle op aarde gedoen het en ook wat julle nagelaat het om te doen, terwyl EK jou ‘n opdrag gegee het. Elke een sal voor MY kom staan en hoe jou gesindheid teenoor MY was, sal dan ook bepaal hoe jy voor MY sal staan. Daar sal van julle wees wat deur MY opgetel word, omdat julle MY liefhet en dan sal daar die wees wat MY net as vriend wil hê. So iemand sal dan ook nie deur MY opgetel word nie, omdat jy nie jou vriende dra nie. Wie word dan deur MY opgetel en gedra? Die wat in MY ‘n Vader soek. ‘n Vader sal SY kinders optel en dra, maar ‘n vriend sal net met sy vriend praat en gesels, maar daar sal nie verdere aanraking plaasvind nie. MY kinders, julle is in MY oë MY kinders, maar die van julle wat MY net as Vriend wil hê, sal bitter spyt wees daaroor, omdat EK julle dan nie sal optel en julle sal dra nie. EK sal julle bystaan en julle help, maar die noue verhouding wat EK met julle gesoek het, sal nie daar wees nie. Dink daaraan en gaan kyk hoe jy MY sien. Is dit net as Vriend en Broeder? Of is EK jou Vader ook? Is EK jou Vertroueling wanneer jy probleme het, of is EK jou Verlosser ook? MY kinders, EK wil alles vir julle wees en Ek wil met julle in die eg tree ook. Dit beteken dat EK met julle almal Een wil word. Maar die van julle wat MY wel liefhet, maar net as Vriend, of net as Verlosser, sal nie met MY Een kan word, voordat EK nie álles in jou lewe geword het nie. MY lieflingskinders, EK wil hê dat julle julleself moet losmaak van alles om julle en ook selfs van julle mense wat julle so liefhet. Dit beteken nie dat julle mekaar nie meer moet liefhê nie, maar dit beteken dat jy MY eerste moet stel en nie jou vrou of kind of man nie. Wanneer jy MY eerste stel, sal jy doen wat EK jou vra en dit wat ‘n mens van jou verwag, tweede stel. Julle almal hou daarvan om styf teen jou huweliksmaat te lê omdat julle mekaar baie liefhet. Maar wanneer EK julle roep om te kom bid, in plaas daarvan om saam met jou huweliksmaat in die bed te klim, moet jy MY dan ook eerste stel en met MY kom praat wanneer EK jou roep. Dit is dan wanneer EK eerste in jou lewe kom.

Voordat jy wil doen wat vir jou lekker is, moet jy MY eers kom vra of dit is wat EK wil hê en as dit nie is nie, moet jy jou huweliksmaat teleurstel, sodat jy MY Woord kan doen. EK sal ook in jou huweliksmaat se hart werk en hy/sy sal verstaan dat EK eerste kom. Dit is die reiniging waarvan EK praat tussen man en vrou en EK het nog nooit iemand beveel om te skei in die sin van die woord wat julle verstaan nie. Wie EK bymekaar gesit het, mag niemand verbreek nie en dit sal so bly. Poog eerder daarin om jou huweliksmaat na MY te bring deurdat jy MY eerste kies en EK sal haar of hom bewerk en hy of sy sal dit begin verstaan en insien. My kinders, julle weet nie wat alles om julle gebeur in die geesteswêreld nie en sal daarom ook nie verstaan waarom EK julle beveel om van mekaar "geskei" te lewe nie, maar die wat wel van mekaar afgesien het ter wille van MY, sal dit ook alles verstaan en is bly daaroor omdat EK in hulle albei se lewens werk en hulle altwee die reiniging ondergaan en EK sal hulle altwee weer vir mekaar gee - gereinig en skoon en heeltemal in MY wil. Daarom wil EK julle almal aanspoor om MY heel eerste te kies en MY jou alles te maak. Eerstens jou Vader, jou Broer, jou Vriend, jou Verlosser, jou Koning en selfs jou Huweliksmaat. EK wil jou Eerste Man wees as jy 'n vrou is en EK sal jou aardse man aan jou teruggee. Kom sien MY ook as jou Vervanger vir jou vrou en EK sal haar ook weer aan jou teruggee. EK sal jou Eerste en jou Laaste wees as jy MY so begeer, en alles wat jy ter wille van MY opgegee het, sal dan weer aan jou teruggegee word en jy sal bly wees omdat jy die hartseer van die skeiding moes deurmaak, omdat jy en jou mense skoon en rein vir mekaar teruggegee word.

Amen.

# Hoofstuk 7

***24 Jan. 2008 06:27***

Die volgende verborgenheid wat EK aan julle bekend wil maak is die verborgenheid van die ysgedeeltes op die aardbodem. Julle almal weet dat daar sekere gedeeltes op hierdie aarde is wat nooit heeltemal smelt nie en altyd vasgevries en toegesneeu bly. MY kinders, vir julle wat belangstel, sal EK alles gee waarvoor julle vra en daar is baie van julle wat nou hier lees wat altyd daaroor gewonder het. Daar moet ysgedeeltes op die aarde wees, omdat die aarde in die ronde draai en sodoende baie wrywing opbou en julle almal weet wat gebeur as daar wrywing plaasvind. Die hele plek word warm en as daar nie ys by die pole gewees het nie, sou die hele aardoppervlak en die atmosfeer baie warm geword het en dalk aan die brand kon slaan. Dink aan die bomenslike spoed waarteen die aarde draai. Julle kan nie ‘n voertuig maak wat so vinnig oor die aarde beweeg nie. Die aarde draai in die ronde en daarom is daar dag en nag, en julle weet dat die aarde om die son draai en nie die son om die aarde soos wat die mense in die vorige eeue geglo het nie. Nou, die aarde draai as gevolg van gasse wat uit die suidpool uitkom. Daardie gasse bots dan teen dieselfde tipe gasse wat ook op dieselfde manier van die son kom en die krag van die gasse wat so teen mekaar druk, veroorsaak dan dat die aarde draai en ook dat die aarde nie nader of verder van die son beweeg nie. Dit is dan ook die rede dat daar ys by die pole is en die suidpool se ys is dan ook anders as die noordpool se ys, omdat die suidpool die uitlaat van die aarde is. By die noordpool word daar baie dinge in die see ingeneem en deur die suidpool word dit weer uitgeskei, aangesien daar ‘n baie groot gat dwarsdeur die aarde gaan. Die noordpool en die suidpool is in verbinding met mekaar deur hierdie “grot”. Binne in hierdie “grot” vind daar dan ook baie dinge plaas en al die stowwe wat deur die noordpool se ys opgevang word, sak dan in hierdie “grot” af en word dan deur die aarde verteer, waar die uitgeskeide stowwe dan weer by die suidpool uitkom. Die ys by die suidpool vang ook hierdie gasse op en stel dit stadig vry sodat die gasse, wat baie is, nie die hele atmosfeer op een slag tref nie. Noudat

julle die fisiese rede vir die pole weet, sal EK julle dan ook die geestelike betekenis van die pole gee. In die geesteswêreld is daar baie geeste wat baie opstandig teen MY raak en hulle ontbrand in woede teen MY. In hulle woede sal hulle alles om hulle vernietig as EK nie met MY Almag in sou gryp nie, maar EK sal nooit toelaat dat die geeste hande uitruk en julle en die aardbodem skade aanrig nie. Daardie geeste word dan deur sogenaamde vredesgeeste op die aardbodem neergedruk en met koue word hulle woede jeens MY en alles wat EK gemaak het, dan tot bedaring gebring. Soos wat hulle in die koue moet stil lê, word hulle dan beter gesind en kan dan weer vry kom uit die tydelike gebondenheid en dit is dan weer wanneer die sneeu begin smelt. Dit klink vir julle seker ongelooflik dat die sneeu ook 'n betekenis kan hê in die geesteswêreld, maar alles wat EK geskep het, het baie redes vir hulle bestaan. MY kinders, die sneeu op hierdie aarde stel dan ook die liefdeloosheid voor, omdat die geeste wat betrokke is dan ook liefdeloos is, behalwe die vredesgeeste. Daarom sal ons sê dat iemand wat liefdeloos is, 'n yskas is. Jy kry mense met geen warmte in hulle nie en hulle behandel jou koud soos wat julle sê. Dink daaraan, wanneer iemand na jou kom en jou hulp vra, dat jy hom nie soos die liefdelose gedeeltes op aarde behandel nie. Die ysgedeeltes is seker nog erger as die gevreesde woestynareas, omdat die woestyngebiede 'n mens darem nog op 'n manier kan akkommodeer wanneer hy 'n groen oase aangetref het en jy kan darem in die woestyn oorleef as jy genoeg kos en water het, en jy het nie ander dinge nodig nie, maar in die pole sal jy binne 'n paar sekondes doodvries, as jy nie genoegsame kleding aan het nie. Daarom maan EK julle om liefde in julle harte te hê, omdat die liefdeloosheid die mees veragtelike is. Niemand hou van 'n koue mens nie en daardie mens sal almal om hom wegjaag en op sy eie bly vries. Dit sal net MY genade en liefde wees wat so 'n persoon tot ander insigte bring. Dit is MY les vir julle.

Amen.

# Hoofstuk 8

***24 Jan. 2008 06:52***

Wat maak die grond vrugbaar? Julle almal sal sê dat dit die voedingstowwe daarbinne is wat die plant laat groei. Dis reg, ja, maar die plante kan nie net van daardie stowwe alleen groei nie. Gooi ‘n handvol kunsmis op ‘n saadjie en kyk of hy opkom. Hy sal nie, en as daar genoegsame water op hom val sal hy deur die kunsmis verbrand word. Dit is nie net die kunsmis of die toediener wat die plantjie laat groei nie. MY kinders, MY Hand is in alles en elke liewe saadjie wat opkom, sal deur MY wil opkom. Julle is geneig om julle grond baie ryk te maak deur die inwerking van mis en selfs kunsmis wat ‘n baie giftige stof is. Kunsmis laat die plant baie bose sieledeeltjies opneem en die plant is dan nie geskik vir menslike gebruik nie, al kom jy niks oor wanneer jy dit eet nie. Die kunsmis is propvol van die boosheid wat baie gekonsentreerd is en wanneer die plant dit dan opneem, groei hy baie vinnig en goed, maar die bose sieledeeltjies gaan sit in die vlees van die mens wat dit eet en hy word dan mettertyd baie siek. Baie van vandag se siektes is te wyte aan die oorbemesting van die grond met hierdie produkte wat julle op die rak koop. MY kinders, leef eenvoudig en plant julle groente met die stowwe wat EK aan julle voorsien het. Weet julle dat die gebruik van beesmis die grond verryk, maar nie vol bose sieledeeltjies maak nie? Die groente daarin gekweek is dan ook eerder geskik vir menslike gebruik. As jy so na die groente kyk, sal jy nie ‘n verskil met die oog opmerk nie, maar die geopende geestesoog sal die verskil raaksien. MY skepping is voorsien van sy eie maniere om die grond te verryk en daarom is dit noodsaaklik om op te let na wat EK doen. As EK nie kunsmis gebruik nie, moet julle dit liefs ook nie doen nie. Hierdie is maar net ‘n riglyn om julle voedsel so gesond as moontlik te verbou en ook om die grond daardeur te verryk. Julle weet nie wat met die aardbodem gebeur wanneer daar groot hoeveelhede van die kunsmis in die grond ingewerk word nie. Daardie gifstowwe of bose sieledeeltjies gaan dan in ‘n gekonsentreerde wyse die aardbodem in, en daar word dit herhaaldelik na onder gespoel, totdat dit in die ondergrondse water beland en daar kom dit

weer tevoorskyn in die fonteine en bergwater wat julle dink, so rein is. Die hele aarde is al op so ‘n wyse vergiftig en dan praat EK nie eers van die gebruik van insek- en onkruiddoders nie. MY kinders, dink hoeveel van daardie gif gaan in die atmosfeer in deur gebruik te maak van spuitvliegtuie wat so oor die lande en boorde vlieg. Stel julle nou voor hoeveel van daardie gif julle, opgelos in die lug, inasem en ook die enorme impak wat dit het op die atmosfeer en julle suurstofryke berglug, is dan glad nie meer so vars en skoon as wat julle dink nie. Moenie MY aardbodem vernietig nie, al doen die res van die wêreld dit. MY kinders, dit is net ‘n aanduiding van hoe lief jy MY het, wanneer jy die aardbodem, wat MY skepping is, met respek behandel. Al die dinge wat EK nou met julle gedeel het, het ‘n inwerking op die mens se siel en daarom is die tyd waarin julle leef ook so buitengewoon boos. Miljoene mense is besig om hulle liggame te vergiftig deur die drink van koffie en soortgelyke dranke. Hoeveel mense eet nie ongesond nie en dan praat EK nie eers van die wat dink dat hulle gesond eet deur die eet van groente wat so deur die kunsmis besmet is nie. Voordat julle eet of drink, moet julle eers MY seën op alles vra en EK sal die bose sieledeeltjies teenwoordig in die kos vir julle onskadelik maak en hulle sal julle nie kan aanval nie. Julle sal ook sien hoe gesonder julle is wanneer julle MY seën oor alles vra. Moenie MY seën vra op die voedsel wat EK as onrein vir julle uitgewys het nie, vermy dit liewer. EK weet dat daar ‘n tyd sal kom waarin voedsel baie skaars sal wees en julle dan sal moet eet wat julle kry. In daardie tyd sal EK alles vir julle seën sodat julle dit kan eet, maar nou, terwyl voedsel nog nie skaars is nie, moet julle liewer net dit eet wat EK aan julle bekend gemaak het. Leef hiervolgens en jy sal gesond bly.

Amen.

# Hoofstuk 9

***24 Jan. 2008 07:33***

Tussen julle is daar baie geeste in die lug en hulle is nie almal boos nie. Die geeste wat julle oppas, is die geeste deur MY na julle gestuur en julle sal nie weet hoeveel male julle deur hulle beskerm is nie. Julle word die hele tyd deur hulle beskerm en selfs die mense wat te sterwe kom, word deur hulle beskerm in die geesteswêreld. Daar is ontsettend baie boosheid om julle en die bose wil julle graag oorhaal om na hulle te kom, maar sonder dat daar aan julle 'n vrye keuse gegee word. Dit is net EK wat julle eie wil respekteer. Die bose haat enige vorm van respek en beskou dit as swakheid om respek aan iemand te betoon, al is dit iemand baie ouer as hyself. Daarom is daar vandag soveel rebelsheid onder die jongmense en hulle praat nie met hulle oueres en meerderes met respek nie, omdat die bose wat by hulle betrokke is, hulle in hulle mag het. Wanneer jy agterkom dat jy nie lus het om iemand wat ouer as jy is, en die respek werd is, met respek te behandel nie, moet jy oplet na die geeste om jou. EK weet dat jy hulle nie kan waarneem nie, maar wanneer jy daardie gevoel by jouself opmerk, moet jy weet dat daar 'n hele boel van daardie "rebelgeeste" in die omtrek is. Kyk maar na die jongmense se kleredrag. Dit is die uitleef van disrespek en sonder om 'n woord te sê, kan jy sommer aan hulle kleredrag sien dat hulle deur die rebelgeeste beïnvloed word. MY kinders, let 'n bietjie na julleself op en kyk na julle gedrag teenoor ouer mense. Laat almal sien dat jy MY kind is, deur jou houding teenoor ouer mense. Deur die aantrek van rebelse klere lok jy nog meer van die geeste na jou en word jy later rebels teen dissipline. Deur dit toe te laat in jou, sal MY GEES nie in jou kan werk nie en jy sal nie deur MY gebruik kan word nie. Let daarna op om nie van die rebelse geeste na jou te lok deur jou houding en kleredrag nie, want dit bly jou keuse of jy goeie of slegte geeste na jou wil lok. MY kinders is omring deur goeie geeste wat deur MY na hulle gestuur is, maar die wêreldling word deur die slegte en rebelgeeste omring en verkies dit so. MY kleintjies, kyk maar na die skole waarin julle julle kinders laat skoolgaan. Hoeveel van daardie kinders is nie rebels

nie, en die onderwysers kan hulle nie meer beheer nie. Dit is waarom EK julle ook waarsku teen ydelheid, omdat satan deur die kleredrag ingesluip gekom het en die wat van mooi aantrek gehou het, sal val vir die nuwerwetse klere waaragter daar baie meer skuil as net ‘n hemp of ‘n broek. Daar is baie meer betrokke, as wat julle met julle aardse oë kan sien en julle moet altyd eers MY raad vra wanneer julle klere gaan koop. EK sal julle beskerm, maar weerhou julle van ydelheid en dra die klere wat EK vir julle gee. Moenie jouself in die wêreld dompel deur die verkeerde kleredrag wat daardie slegte geeste lok waarvan EK julle nou vertel het nie. Wees MY getrou en nie die wêreld nie.

Amen.

# Hoofstuk 10

***25 Jan. 2008 06:13***

Al wat EK vanoggend vir julle wil sê is dat julle MY moet liefhê sodat ale verborgenhede aan julle bekend gemaak kan word. Julle almal wil graag meer weet en deur MY met julle hele hart lief te hê sal alles aan julle openbaar gemaak word. Kyk na MY skryfknegte, as hulle nie MY bo alles liefgehad het nie, sou EK nie hierdie dinge aan julle kon openbaar deur hulle nie. EK wil egter nie allen aan MY skryfknegte dinge openbaar nie, maar vir elke liewe mens wat MY liefhet, en ook praat EK nie net met een of twee of selfs drie persone nie, maar graag wil EK met al MY kinders praat. Daar is tans ‘n hele paar ander mense wat ook al MY Stem kan hoor en hulle sal self ook dinge van MY ontvang en het nie meer so ‘n behoefte om MY skryfknegte se woorde te lees nie omdat hulle MY in die volheid in hulle harte self het. Deurdat almal MY so sal soek en later, MY stem in elke liewe hart sal weerklink, sal daar nie meer nodig wees vir ‘n paar skryfknegte nie omdat elke mense MY dan al so gevind het sodat hulle MY Stem eerstehands kan hoor. Dit is waarna elke een van julle moet streef en julle sal ondervind dat EK ook aan elke een presies dieselfde sê omdat EK nooit vir die een sal lieg en die ander die waarheid sal ontvang nie. Julle sal MY almal kan hoor teen die tyd dat die groot stryd met die ander nasies in julle land verby is en deur die groot lyding wat julle sal moet deurmaak, sal julle harte ontvanklik vir MY Stem word. Hou net aan glo en soek omdat EK na elke een sal kom en die liefde vir MY in julle harte sal bepaal wanneer EK na julle sal kom. Dink aan MY elke dag en nag en bly aanhoudend met MY in gesprek en jy sal MY weldra kan hoor. Luister na MY stem in jou binneste en jy sal sien dat jy MY wel kan hoor as jy net stil genoeg is.

Amen

# Hoofstuk 11

***25 Jan. 2008 06:35***

Sal ‘n vader sy seun ‘n klip gee as hy vir ‘n brood vra? Sal hy vir sy seun ‘n slang gee as hy vir iets om te eet vra? Nee, MY kinders julle sal nie vir julle kinders iets anders gee as wat hy van jou vra nie, né. Waarom dink julle dan dat EK vir julle iets anders sal gee as wat julle vra? EK sal dit nooit doen nie en daarom is die vrees dat EK julle sal verlaat, ongegrond. MY kinders, julle sal nooit deur MY verlaat word as die verlange in jou binneste is om MY die hele tyd by jou te hê nie. EK sal by julle elkeen wat MY daar wil hê, bly. Maar al die wat MY nie daar wil hê nie, sal mos ook ontvang wat hulle wil hê. As hulle graag wil hê dat EK nie teenwoordig moet wees in hulle lewens nie, sal hulle mos nie kan huil wanneer die groot basuin blaas en EK op die wolke kom om MYNE te kom haal, en hulle moet agterbly en saam met die aarde brand nie. Daarom moet julle dit altyd onthou, omdat EK elke een se vrye wil respekteer en julle almal baie liefhet Selfs die sondaars wat MY nie by hulle wil hê nie, word deur MY bemin. Maar die wat MY ook bemin sal deur MY geseën en met baie groot liefde terug behandel word, terwyl die wat MY haat, ook deur MY op dieselfde manier behandel sal word as die manier waarop hulle MY behandel. Dit is ook ‘n verborgenheid dat iemand wat MY liefhet, deur MY gedra word, omdat hy nie daarvan bewus is voordat sy geestesoog oopgegaan het nie. Hy/sy sal dan sien hoedat hy in MY arms sit en EK hom deur alles dra en ook behoed, sonder dat hy eers daarvan bewus is. Julle dink dat julle nie deur MY gedra word nie, omdat julle niks kan voel en sien nie, maar MY krag werk op so ‘n manier dat julle dit nie voel nie. Baie keer het MY skryfknegte al gevra dat EK hulle sal help om die regte ding vir iemand te sê, en dan beloof EK hulle ook dat EK die woorde in hulle mond sal sit. Dan, as hulle met die betrokke persoon praat, voel dit of hulle self praat en of EK nie die woorde in hulle mond gesit het nie. Na die tyd kom vra hulle MY of hulle ooit die regte ding gesê het, omdat hulle voel dat dit uit hulleself uitgekom het. MY kinders, EK werk sag met elke een van julle, omdat julle sal beswyk as julle MY krag in julle sal voel

die hele tyd. Daar is wel al mense wat MY kragtig in hulle voel werk het en hulle weet dat dit EK was wat deur hulle gepraat het, maar dit is net om hulle geloof te versterk en sal nie elke keer gebeur nie, sodat hulle ook in MY sal glo, terwyl hulle niks voel nie. MY kinders, wees nie bevrees nie, EK sal julle altyd bystaan en julle die regte woorde in die mond lê, as julle MY opreg wil dien en nie jou eie ego wil dien nie. EK sal julle lei en julle sal reg handel sonder dat jy die hele tyd 'n krag in jou binneste voel. Wanneer jy jouself heeltemal aan MY oorgee, sal EK jou gebruik, omdat jy 'n gewillige werktuig in MY hande is. Dit gaan oor die wen van siele. Sal Ek dan dat jy uit jou eie alles deurmekaar krap, deur die verkeerde woorde te gebruik, as jy iemand vir MY wil wen met 'n opregte hart? Nee, EK weet wat die mense moet hoor en wat nie en daarom is jy partykeer teleurgesteld en dink jy dat jy vergeet het om dit of dat te sê en jy dink dat dit die regte ding sou gewees het om te sê, maar EK het geweet dat dit nie die regte ding is om te sê nie en het jou daarvan weerhou. Dit is alles MY krag wat in jou gewerk het en jy het dit nie agtergekom nie. Glo en vertrou altyd op MY en EK sal julle altyd in die waarheid inlei, sodat julle ander kan help wat nog in die gevangenes sit en EK sal jou die regte sleutel gee vir die regte persoon. Elke mens is anders as die ander een en moet dan ook op verskillende wyses benader word. EK weet hoe om elke een te benader sodat sy siel gered kan word en as jy dan met MY krag in jou praat, sal jy nooit verkeerd handel nie. Kom vra MY voordat jy met iemand gaan praat en EK sal jou altyd die regte woorde in die mond lê.

Amen.

# Hoofstuk 12

***26 Jan. 2008 06:15***

EK, julle Vader ken elke een se hart. EK weet wat daarin aangaan en wat nie.

Daarom is dit ook vir elke een van julle ‘n groot verborgenheid wat in die diepste wese van ‘n ander een aangaan. Julle sal nooit ‘n ware oordeel oor iemand kan fel nie, omdat julle nie die diepste wese van iemand anders ken nie. Hoe weet jy wat ‘n ander mens dink en waarom hy handel soos wat hy handel. EK alleen weet en ken ook sy grootste hartseer en verdriet. Baie keer oordeel julle iemand oor sy uiterlike voorkoms en kan julle nie glo dat daardie persoon ooit deur MY gered kan word nie, maar hoe weet jy wat daardie persoon in sy binnekant voel? Net EK weet en daarom wil EK julle almal aanraai om MY met julle hele hart te soek en te vergeet van die hoekoms en die waaroms van die persoon wat langs jou staan. Wees vir MY lief en werp alles op MY, sodat EK jóu rein kan maak en moenie jou aan jou broeder se sondes steur nie. EK weet waarom hy dit of dat doen en sal SELF met hom afreken as dit nodig is. Daar was ‘n man met ‘n rein hart wat ‘n enigste kind gehad het. EK het dit wys geag om die kind van hom af weg te neem omdat hy, deur die kind te bederf, ‘n volslae duiwel van hom maak. Nadat die kind oorlede is, het die man diep in homself gekeer en selde gelag of gepraat. Van naasteliefde was daar geen sprake nie, volgens die mense wat hom geken het. Maar EK het sy hart geken en het geweet dat hy MY gevind het en in groot liefde vir MY in sy hart gebly het en die hele dag gesprekke met MY voer. MY kinders, dit was nie lank nie, toe het hy met MY verenig in liefde en hy kon alles doen wat ‘n wedergebore persoon kan doen. Die mense wat hom geken het, was baie verwonderd omdat hulle hom van onvriendelikheid en hoogmoed beskuldig het. Hulle geestelike kennis het darem so vêr gestrek dat hulle geweet het dat EK nie na ‘n hoogmoedige mens sou kom nie en het MY verbaas gevra waarom EK nie na húlle gekom het nie, maar na ‘n onvriendelike, hoogmoedige mens. EK het hulle geantwoord deur te sê dat hy MY opreg gesoek het en aan

homself gewerk het en nie ander mense dopgehou het en hulle by MY kom verkla het nie. Daarom sê EK ook aan julle dat elkeen aan homself moet werk en dat julle vergeet van die persoon langs jou se “snaakse” gedrag. Gee jouself onvoorwaardelik aan MY oor, sodat EK jou kan verander en jy sal ook MY wysheid ontvang om die persoon langs jou te bearbei as dit nodig is. Werk éers aan jouself voor jy iemand anders by MY kom aankla. Dit sê EK vir julle in liefde en wil dan ook hê dat jy jou diepste gevoelens vir MY moet gee, sodat EK jou daar kan help. Vergewe mekaar in liefde en verstaan mekaar se hartseer wat op verskillende wyses gedra word.

Amen.

# Hoofstuk 13

***26 Jan. 2008 06:50***

Jahshua wys my SY hande en die volgende oomblik het HY iets soos ‘n mistige bal in SY hande. HY hou hom nie vas nie, maar dis meer of die mistige bal in SY hande sweef. HY blaas oor die bal en die mis verdwyn en daar is iets soos ‘n venster waardeur ek ‘n nuwe wêreld sien. Ek sien ‘n area van sandsteen en ‘n diep kloof soos die Grand Canyon. Jahshua vat my sommer met een tree bo-oor dit en ek staan saam met HOM op ‘n groot berg en kyk af na onder. Daar sien ek ‘n pragtige landskap en ‘n dam. Iemand kom met ‘n roeibootjie in die dam ingeroei. Die dam is redelik vlak en later staan die persoon in die water en skep baie water gelyk op en gooi dit na sy gesig. Hy probeer soveel as moontlik water na sy mond gooi en probeer elke druppel inkry. HY is baie dors. Dit is asof hy nie genoeg kan kry nie. Jahshua gee vir my brode wat ek na hom moet gooi en hy draai na my en vang die brood met sy mond en sluk hulle heel in. Ek dink by myself dat hy daarin gaan verstik maar Vader sê dat hy dit kan verteer. Later word hy baie groot en kom buig voor Jahshua en die volgende oomblik gaan hy deur die gat tot in die wêreld waar ek eers met Jahshua was.

**Jahshua dikteer:**

EK sal julle na nuwe hoogtes lei en julle van ander onbekende wêrelde vertel waarvan julle nie eers bewus is nie. MY kinders, daar is soveel ander mense op plekke waarvan julle nie weet nie en EK is daar ook bekend onder die mense, maar die verskil dáar, is dat hulle die hele tyd ‘n onophoudelike hongerte na MY het. Hulle kan MY ongelukkig nie soos julle vind op daardie plekke nie en moet eers self na die aarde kom waar hulle MY kan vind. EK is hulle ook genadig, soos vir julle, en gee hulle daarom ook die geleentheid om MY, hulle Skepper te vind. Deur mens te word op aarde kan hulle MY eers werklik vind en EK kan dan eers vir hulle ‘n VERLOSSER word; deurdat iemand besluit dat hy na die aarde wil kom om ook hier mens te word en MY te vind,

moet hy regtig gedetermineerd wees en MY aanhoudend daarvoor vra. EK is hom dan ook genadig en laat hom/haar in ‘n mens liggaam gebore word waar hy sy pad na MY op die aarde moet vind. As hy MY nie op aarde vind nie, kan sy siel in die hiernamaals die kans kry om MY te vind. EK bied aan mense van ander planete die geleentheid om MY kinders te word en dit is net deur na julle aarde te kom waar hulle dit kan regkry. EK stuur van MY engele daarheen om die ander te oortuig dat hulle MY moet kom soek, wat hulle dan gretig doen, maar die besluit om na die aarde te kom is ‘n baie groot besluit vir hulle, aangesien hulle baie het om te verloor as hulle MY nie vind nie. As hulle MY vind, kry hulle ook die ewige lewe en word ook ryklik beloon daarvoor. Daar is nie baie wat na MY kom en so die aardse liggaam aanneem nie, omdat die aardse lewe baie van hulle lewens daar verskil en ook baie moeiliker as wat hulle lewens daar is. Hulle moet dan al hulle geriewe daar agterlaat en na die aarde kom en hier saam met julle swoeg en sweet. Werk aan jouself, sodat jy ander na MY kan lei en die bewoner van ‘n ander planeet kan help om MY te vind. My kinders, dit is ook naasteliefde om aan jouself te werk, omdat jy weet dat jy niks uit jou eie kan doen nie. Net EK kan lewens verander en deur MY in jou lewe toe te laat en deur een met MY te word, kan jy ander na my toe lei. Dit is die rede dat ander na die aarde kom en jy is verantwoordelik om so iemand na MY te lei sodat hy nie in die grootste ongerief en duisternis beland nie. Werk aan jouself, sodat EK deur jou kan werk om ander se siele na MY te lei en hulle sodoende te red.

Amen.

# Hoofstuk 14

***27 Jan. 2008 07:41***

EK het julle almal gister bymekaar gemaak in MY NAAM en saam het julle MY geloof deur julle lofsange aan MY. MY liefde en seën het op julle gereën en EK het elkeen wat daar was, met MY liefde omvou *(Dogter van Sion se besoek in Pretoria)*. MY kinders, die van julle wat nie by die bymekaarkoms van MY ander kinders was nie, het niks te vrese nie. MY lieflike hand het julle ook geseen en MY liefde het oor julle ook gereën. Sonder dat julle dit weet, het EK elke mens in hierdie hele land, wat MY liefhet, geseen. Julle weet nie wat vir julle beskore is nie en EK weet dat dit die volgende verborgenheid is wat EK aan julle bekend wil maak. MY kinders, julle wat MY getrou gebly het tot aan die einde, sal die wonderlikste dinge uit MY hand ontvang, omdat julle nie deel gehad het aan die nuwe Suid-Afrika nie. MY kinders, EK het julle beveel om rein te bly en om julle nie met die heidense nasies te vermeng nie. Daar het egter net ‘n klein geringe hoeveelheid na MY geluister en dit is die wat deur MY geseën gaan word, na die groot stryd in julle land. Dit is julle wat MY getrou gebly het, wat MY sal sien en EK sal julle almal bymekaarbring, waar EK dan aan elkeen sy beloning hier op aarde sal gee. Vir elkeen sal EK gee wat sy hartsbegeerte was en alles wat julle ter wille van MY opgegee het, sal EK dáar by Migdol weer vir julle teruggee. MY kinders, in die tyd voor die geloofstryd sal EK julle land buitengewoon seën en EK sal MY woning in julle land kom maak, omdat julle harte rein is. Daarom sê EK dat julle julle moet rein hou en uit elke besoedeling moet kom. Julle sal dinge uit MY hand ontvang waaraan julle nog nooit gedink het nie. En vrolikheid sal julle erfdeel wees, omdat daar nie hartseer is waar EK is nie. EK sal tussen julle bly en elke mens – groot of klein – sal spesiaal aandag van MY kry en EK sal elkeen dra en op MY skoot sit. MY kinders, wees MY getrou en moenie deel hê aan die dinge van die wêreld nie, omdat die wêreld jou niks kan gee nie. Alles wat EK jou gee, al is dit aardse goedere, sal vir ewig wees. MY kindertjies, met elke aardse ding wat EK vir jou gee, sal daar ‘n ooreenstemmende seëning in die hiernamaals op jou wag en daarom sê

EK dat alle aardse seëninge ook vir ewig is, al vergaan die aardse dinge. EK sal julle egter na die bymekaarkoms op Migdol, weer na julle afsonderlike plekke wat EK aan elkeen gee, laat terugkeer en julle sal buitengewoon geseënd wees. Daarna sal die geloofstryd begin en julle sal almal een met MY wees en vir MY veg. Dit belowe EK, die GROOT VADER, aan elkeen wat MY getrou gebly het en MY liefhet.

Amen.

# Hoofstuk 15

***8:05***

Ek sien rose in Jahshua se hande. Jahshua sê rose stel liefde voor. Daar is ‘n veld vol rose en HY sê dit is hoeveel liefde jy vir HOM moet hê. ‘n Bos rose is hoeveel jy vir jou naaste moet hê en een roos vir jouself. HY sê hoe groter jou liefde vir HOM word, hoe groter word jou naasteliefde en jy begin jouself in ‘n ander lig sien.

**Jahshua dikteer:**

Wees vir MY lief bo alles en EK sal jou liefde vir jou naaste ook vermeerder. MY kinders, die liefde vir MY moet allesoorheersend wees en die liefde vir jou naaste moet bo die liefde vir jouself wees. Hoe meer jy MY liefhet en brandend in jou binneste is, hoe meer sal jy bewus raak van ‘n liefde vir jou naaste. Jy sal deernis hê met ander en hulle oortredings sal vir jou niks wees wanneer hulle jou benadeel het nie. MY kinders, EK het gevoel met julle swakhede en vergewe julle, omdat MY liefde vir julle groot is. Wanneer julle MY lief het, sal julle ook julle naaste se swakhede oor die hoof sien en hulle vergewe vir hulle oortredinge teen jou. Jy sal ook jouself in ‘n ander lig sien en jy sal sien hoe jý ook in MY plan inpas. Baie van julle dink dat julle niks werd is nie en ly aan ‘n minderwaardigheidsgevoel, maar wanneer jy MY bo alles liefhet, sal jy ook beter oor jouself voel, wanneer EK dinge oor jouself aan jou bekend maak. EK sê nie dat julle hoogmoedig moet word nie, wat EK sê is dat jy ‘n gesonde selfbeeld sal kry wanneer jy MY bo alles liefhet en jy sal ook deur MY gebruik kan word en sodoende kan voel dat jy ook belangrik is in MY oë. MY kinders, kry MY lief en EK sal alles aan jou bekendmaak.

Amen.

# Hoofstuk 16

***29 Jan. 2008 12:15***

EK, julle Vader, sal julle nooit verlaat nie, al probeer die bose ook wát om julle van MY afvallig te maak. MY kinders, julle moet onwrikbaar aan My vashou sodat julle nie wankel en swak in die geloof word nie. EK sal die bose SELF van julle af wegjaag en hulle sal krul van die pyn vir al die leed wat hulle julle aangedoen het. EK weet van baie dinge wat teen julle beplan word en sal julle ook daarteen waarsku, maar julle moet weet dat EK MY liefdeshand nooit van julle af wegneem nie, al dreig die vyand met die dood. Wie is soos EK? Is EK nie die EEN wat bevry nie? Wie kan uit MY hande uitruk as EK gered het? EK het MY kneg die mag en krag gegee om die bose te bind en die bose wil haar en haar hele familie aanval, omdat hulle seergemaak is deur haar optrede in MY Naam. Maar EK sal fel op die bose neerkom en hulle verjaag, terwyl hulle die ergste pyne aangedoen word. MY kinders, kom na MY met al julle probleme en gaan nie na die wêreldse instansies vir julle hulp nie. Moenie na die dokters hardloop met julle probleme nie, want EK is die Grootste geneesheer en net EK kan genees of laat sterf. Niemand wat MY liefhet, sal sterf nie en as EK gesê het dat MY kind sal leef sonder enige nagevolge, dan sal hy bly leef en geen letsel oorhou nie. Dit is alles dinge wat gebeur om julle geloof te toets en julle sterk te maak in MY. Vertrou net onwrikbaar op MY en julle sal nooit teleurgesteld word nie. Dink nie aan die mag van die bose nie, omdat EK Almagtig is en hulle SELF sal bestraf. MY kleintjies, julle weet nie hoe klein julle in die geesteswêreld is nie, en dink omdat julle liggame groot is, dat julle siele ook groot is, maar die teendeel is waar en daarom noem EK julle MY kleintjies. Die bose is reusagtig groot teen julle en dink daarom dat hulle julle maklik sal kan oorval en oorrompel en van MY af wegvat, maar EK sien alles om julle raak en sal geen steen onaangeroer laat om julle te bevry en te red nie. Gaan dus julle weg met vreugde en weet – EK, julle Verlosser, sal julle nooit verlaat of julle vergeet nie, want EK is 'n GOD van liefde vir MY kinders wat MY liefhet. Amen.

*(Liewe lesers, My kind is deur 'n spinnekop gebyt en Vader het gesê dat ek hom glad nie dokter toe moet vat nie, omdat dit 'n aanval van die bose is en in die gees beveg moet word. Dit is omdat ek die mense se satansmerke gesalf het. Iemand het 'n spinnekop op die skouer gehad. Ek moet net op Vader vertrou en dit is waarom die stuk gegee is vir almal wat soortgelyke dinge beleef. Bid asseblief vir ons aan hierdie kant, omdat die bose ons ook so haat. Jahshua is sterker as almal en sal ons beskerm en HY het ook gesê dat HY my kind sal genees soos geen dokter kan nie. In die tyd wat voorlê sal ons in elke geval geen dokter meer hê, behalwe Jahshua nie. )*

# Hoofstuk 17

***29 Jan. 2008 12:40***

MY kinders, in en om julle is daar baie boosheid waarvan julle nie eers bewus is nie. EK sal dit alles aan julle bekend maak soos wat julle geestelik groei. Julle weet nie van al die dinge wat in die lug om julle gebeur nie en daarom twyfel julle baie in MY woord aan julle. Wie kan alles sien op die aarde? Net EK, julle Vader en Skepper van die heelal. Kom na MY, sodat EK julle oë kan open en julle die boosheid, wat in alles dreig, kan raaksien en julle weg veilig in MY arms maak. EK sal julle op paaie lei waar daar nie dorings is wat julle kan beseer nie, al is daar baie moeilikhede wat op julle wag, omdat julle die bose letterlik aanvat en hulle verjaag. Die bose satan kan dit nie verdra om deur MY of deur julle weggejaag te word nie en sal daarom alles in sy vermoë doen om julle 'n hou toe te dien. Maar EK, julle Vader en Skepper, is Almagtig en sal julle nie in sy hande oorgee, solank julle julle skuiling by MY kom maak nie. EK weet dat julle swak is en nie altyd julle man kan staan teen satan nie en baiekeer word julle versoek en dan val julle so 'n bietjie, maar die troos wat EK vir julle het, is dat EK julle nooit heeltemal uit MY Hande uit laat gaan nie en daar is vergifnis in MY Hande en sodoende kan elke een wat 'n bietjie geval het, weer na MY kom en EK sal hom weer aanneem. MY kleintjies, as julle in liefde wandel, sal niks julle oorkom nie en die dinge wat wel op julle pad kom, is net so deur MY toegelaat sodat julle iets daaruit kan leer. So is die spinnekopbyt, toegedien deur satan aan MY skryfkneg se kind, net 'n toets wat sy moet deurstaan en sy moet net op MY vertrou en nie haar kind dokter toe vat vir behandeling nie. EK sal hom genees, omdat EK die EEN is wat dit toegelaat het en sy sal kan getuig dat EK die Enigste is wat genadig is, deurdat EK hom sal genees soos geen dokter kan nie. Nou vra julle; "Waarom laat U dit toe, terwyl sy U liefhet?" Net soos wat EK gesê het - EK wil haar geloof toets en haar ook sterk maak sodat sy self na MY moet kom vir hulp. So sal EK ook elke een van julle wat nou hier lees, in 'n slegte verknorsing bring, sodat julle MY hulp daaruit kan vra, en EK sál julle red en beskerm teen die bose aanvalle. Dit is 'n belofte, MY kinders en

julle sal MY beloftes vervuld sien en weet dat dit EK, Jahweh van die leërskare is wat dit gespreek het. Gee álles in MY Hande oor en EK sal dit vir jou vir die beste verander. Geen mens kan dit so vir jou doen soos wat EK dit kan doen nie en daarom versoek EK julle om MY bo alles lief te hê, sodat EK jou gebede kan verhoor. Lees MY Woorde, gebring aan julle, en vertrou net op MY en EK sal alles aan julle verduidelik en julle sal alles beter verstaan. MY kinders, EK sal julle nooit in die hande van die bose oorgee en van julle vergeet nie, want EK is julle Vader en is daar 'n vader wat sy kind in die hande van roofmoordenaars kan oorgee en net wegstap? Is EK nie die volmaakte Vader nie, en het julle nie julle liefde vir julle kinders van MY gekry nie? Daarom is EK nog meer lief vir julle, MY kinders, as wat julle julle kinders het. Soek MY daarom eerste met elke probleem wat jy het en EK sal vir jou 'n uitweg gee. Gaan nie eerste na die wêreld vir hulp nie, omdat die wêreld jou net sal help uit eie gewin, maar EK sal jou help uit liefde vir jou en omdat jy MY liefhet. Bring daarom jou probleme eerste na MY en EK sál dit vir jou oplos en jy sal MY nóg liewer kry.

Amen.

# Hoofstuk 18

***30 Jan. 2008 07:01***

Noudat julle weet dat EK al julle probleme sal oplos as julle na MY kom, wil EK nog 'n verborgenheid vir julle oopmaak. Julle almal glo dat daar net een hemel en een hel is, né. Die meeste van julle weet nie van beter nie, omdat julle nog nie MY werke, gebring deur MY skryfknegte van die verlede, gelees het waarin EK al die dinge verduidelik het nie. MY liefste kinders, daar is nie net een hemel en een hel soos wat julle glo nie. Daar is ook nie 'n letterlike kloof tussen die twee nie. EK het dit in MY Alwysheid goed geag om verskillende ryke in te rig vir almal wat hulle lewe op aarde aflê en wie verder as net die aardse liggaam moet gaan. Julle almal wat hier lees, moet een of ander tyd julle liggame aflê en dan sal jou lewe op aarde bepaal in watter gebied jy te lande kom. Met die afsterwe van 'n liggaam en wanneer die siel wakker word aan die anderkant, sal daar oombliklik twee of dalk drie engele na daardie persoon gestuur word en aan hom vra of hy sy lewe wil verbeter. As hy positief antwoord, sal daar aan hom ook 'n keuse gestel word of hy wil werk vir wat hy wil bereik. As hy dan weer positief antwoord, sal hy dan na 'n plek gebring word waar dit ooreenstem met sy siel en hy sal dan in daardie ryksgebied moet werksaam wees, sodat hy kan geestelik groei. As die siel van die gestorwe persoon nie positief antwoord nadat daar herhaaldelik aan hom/haar gevra is of hy/sy wil verbeter nie, sal die siel dan ook na 'n plek gebring word wat ooreenstem met die slegte dinge in die siel. Hy sal dan self sy weg moet gaan en MY engele sal hulle dan van hom/haar onttrek. Daardie persoon het dan 'n vêr en moeilike pad om te stap en sal nie maklik by MY uitkom nie, omdat niemand sonder MY hulp by MY uitkom nie. EK sal die wat om hulp vra, nooit los en aan hulle eie lot oorlaat nie, maar as hulle eers eenmaal MY hulp van die hand gewys het en dan van opinie verander, sal hulle baie lank moet wag voordat EK weer MY helpende hand van liefde na hulle sal uitsteek. Die wat egter MY hulp oombliklik aanneem, sal dan ook oombliklik gehelp word en sal na 'n plek geneem word wat met hulle sielsrypheid ooreenstem. Daar sal hulle hulleself kan opwerk na 'n beter toe-

stand en sodoende hulleself verbeter tot hulle in werksame liefde kan oorgaan en hulle naaste dien. As iemand oorgegaan het in dienende naasteliefde, sal daardie persoon dan ook na 'n nog beter plek geneem word om so die weg tot by MY te kan vind. Daar is baie verskillende ryksgebiede en die sondaars wat nie vergifnis wil hê nie, sal almal volgens die sonde van hulle hart in dieselfde plek opgeneem word. Byvoorbeeld almal wat hulleself aan die sonde van die wellus oorgegee het, sal in die gebied van die wellus beland en daar sal hulle vertoef, totdat hulle van 'n beter wil word. Dit is nie 'n lekker plek om te wees nie, maar niemand sal daar in vuur en hitte omkom nie. Hulle sal dan net stadig maar seker in die vlees begin verrot en al hoe erger word met elke sonde wat hulle daar begaan. Die sonde sal gewoonlik te doen hê met die vleeslike wellus en hulle sal later so gewalg wees met hulleself, dat hulle om hulp roep en sodoende sal hulle dan deur die hulp van MY engele, na 'n beter plek gebring word waar hulle hulle weg na MY kan oopbaan in die hiernamaals. Julle sien wat voor oë is, maar EK sien wat in die hart aangaan en soos wat jou hart binne-in lyk, so lyk jou siel in die hiernamaals en daarom sal jy niks vir niemand daar kan verberg nie. Julle sal almal eendag kan sien wat die persoon voor jou gedoen het, as daardie persoon nie om vergifnis kom vra het nie. EK sê dat liefde alles verberg en dit is so, maar net vir die mense wat in liefde lewe. Die wat in wellus of enige ander sonde gedy het, sal dan ook lyk soos wat hulle op aarde in hulle harte was. Kom, EK gee julle 'n voorbeeld. Daar kom 'n man na MY en EK is hom genadig. Hy sal nie 'n gebrek in die hiernamaals hê nie en sal soos 'n gewone normale siel daaruit sien. Maar daar kom iemand wat sy hele lewe net op die jag van vrouens uit was en nooit genoeg van die vroulike liggaam kon kry nie. Hy sal soos 'n verrottende lyk lyk en sal ook 'n doodstank afgee waarin jy skaars kan bly leef. Hy sal nie soos 'n normale mens kan lyk nie en almal sal kan sien dat hy 'n wellustige in die vlees was. Dan sal daar aan hom 'n keuse gemaak word of hy wil verbeter al dan nie. Kies hy die verbetering, sal hy na 'n plek geneem word waar hy 'n kans tot verbetering kan kry, maar as hy nie wil nie, sal hy saam met al die ander soortgelykes in die ryk van die wellustelinge bly en daar sal hulle hulleself heeltemal uitbrand, totdat daar van hulle vlees niks

meer oor is nie. Dit klink nou vir julle snaaks dat EK van vlees praat, terwyl die persoon dan nie meer ‘n vleeslike liggaam het nie, maar die siel se vlees stel die liefde voor en wanneer die siel so lyk, het hy al sy liefde opgebruik en daarom word daar ook in die Bybel gesê dat die wat hoereer, hom aan sy eie liggaam vergryp. MY kinders, noudat julle weet wat EK bedoel met die siel wat niks kan wegsteek nie, moet julle julle dan ook kom laat reinig deur MY, julle Vader en julle sal niks hê om te probeer wegsteek in die hiernamaals nie, omdat daar dan niks onrein in julle sal wees nie. Bly by MY en EK sal al jou sondes uitwis en jy sal silwerskoon voor MY wees en wanneer jou tyd kom om van jou aardse liggaam af te sien, sal jy dan ook die regte keuses maak wanneer MY engel na jou sal kom en jou vra waar jy heen wil gaan. Kom dadelik na MY en jy sal nie spyt wees nie. Die wat hulle alreeds aan MY gegee het, voordat hulle te sterwe kom, sal dan ook dadelik, sonder dat daar aan hulle gevra word, na MY gebring word, omdat hulle MY in hulle harte begeer het voor die liggaamlike dood. Kies MY en jy sal altyd die beste keuse gemaak het.

Amen.

# Hoofstuk 19

***31 Jan. 2008 06:51***

Die verborgenheid is iets wat julle nie verstaan nie en EK sal dit aan julle verduidelik. Wie verstaan waarom iets vir iemand verborge gebly het, terwyl dit partykeer so ooglopend is soos die son aan die hemel? EK is die verborgenheid en terselfdertyd ook die mees helderste waaraan jy kan dink. EK is in die nabyheid en tog is Ek so vêr verwyderd dat niemand wat MY wil vind, MY kan vind as EK nie gevind wil word nie. EK openbaar MYSELF aan wie EK wil en daarom sal niemand wat MY soek vir sy eie gewin MY vind nie. EK hou MYSELF dan verborge en sal nie gevind word nie, al gaan daardie persoon tot op die verste uithoeke van die aarde. EK laat MY egter deur die liefde vind en elke een wat liefde in sy hart het, sal MY vind. Daarmee is die eieliefde nie ingesluit nie, omdat dit direk van die bose af kom. Sny enige eieliefde uit julle binneste uit en EK sal julle kom besoek. Wanneer julle MY met volle geloof en vertroue iets kom vra, sal julle MY ook vind, maar niemand wat My wil vind vir sy eie voordeel sal MY werklik vind nie. Dit sal vir die wêreld lyk of EK daardie persoon baie seën, maar in der waarheid is dit MY teenstander wat daardie persoon "seën" en hy sal dit self nie eens weet nie, omdat hy net op winsbejag uit is. Daar is vandag talle mense wat sê dat EK nie wil hê dat julle finansieel moet sukkel nie en roem dan daarop dat EK húlle so baie geseën het, sodat hulle in hulle rykdomme kan verswelg, maar dit is baie vêr van die waarheid af, omdat EK elke een wat na MY soek, reinig van die aardse besittings, omdat die aardse besittings 'n baie groot struikelblok in mense se lewens is en hulle MY amper nooit kan vind wanneer hulle teveel het nie. Baie van die mense wat wel met aardse goedere geseën is en dit wel van MY af ontvang het, sal ook weet dat die aardse dinge niks is nie en sal daarmee handel soos wat EK graag wil hê dat hulle moet. Daarin is MY seën ook en hulle sal weet wat om daarmee te doen, terwyl die mens wat sy aardse goedere bo MY stel en daarop roem dat EK hom so geseën het, dikwels sy aardse goed bo sy naaste stel en in suinigheid voortleef, sonder om na die armes om hom te kyk. Daardie mens is dan nie deur MY ge-

seën nie en het self sy rykdom gaan soek, sonder MY. EK wil nie hê dat julle moet sukkel nie, maar dit is geestelik bedoel en nie fisies nie. Om ‘n bietjie te sukkel en sonder die aardse rykdomme te moet gaan, beteken vir die siel oneindig baie en die siel vind baie baat daarby. Daarom wil EK hê dat julle ook armoede moet ken, sodat julle julleself na MY wend en MY dien. EK sal aan julle voorsien en EK wil hê dat julle julle hoop op MY moet bou en dán - eers dan - sal EK julle seën, sodat julle kan weet dat die seëninge net uit MY Hand uit kom. EK weet ook wie EK met rykdom kan seën en wie nie, omdat die meeste mense MY vergeet wanneer hulle rykdomme in hulle hande het. Maar die wat MY ken en liefhet, sal deur MY geseën word tot voordeel van ander. EK het ook MY maniere om te voorsien sodat elke ding wat van MY uitgaan, gedoen kan word en so voorsien EK ook vir die druk van MY Woord in die vorm van die boeke wat julle uit MY Hand ontvang. EK sal julle almal daarvoor seën en julle almal wat betrokke is by die druk van MY boeke sal ryklik daarvoor beloon word. MY kinders, dit is waarvan EK praat as EK sê dat EK julle seën tot voordeel van ander. Deur die druk van MY boeke word MY woord versprei en daarom seën EK almal wat daarby betrokke is. MY kinders, julle almal wat werk om MY woord uit te dra sal ook so deur MY gedra word, omdat julle onbaatsugtig werk en MY bo alles stel. Dink nie dat EK dit nie raaksien nie, omdat EK elke mens wat vir MY werk, sal beloon daarvoor, al is dit in die verborgenheid wat jy vir MY werk. EK sal julle egter in die openbaar, en voor al MY kinders, julle loon daarvoor gee, omdat julle nie omgee om vir MY die stryd op so ‘n manier te stry nie. Gaan in vrede, want EK, julle Vader, seën elke een wat MY woord versprei en hard werk om dit uit te kry.

Amen.

# Hoofstuk 20

***31 Jan. 2008 07:24***

Soos die kringloop van die son om die groot oersonne, so is die lewe elke dag. Dit hou net aan en aan en voel of dit in der ewigheid nooit sal ophou nie. In der waarheid hou dit nooit op nie, want as die lewe moet ophou, beteken dit dat EK moet ophou, en dit is heeltemal onmoontlik. EK was en is en sal vir ewig bly staan, omdat EK die Groot EK IS is. Almal wat MY in hulle harte het, sal ook vir ewig lewe, omdat EK nie dood kan gaan nie en as jy MY in jou binneste het, lewe jy net eenvoudig vir altyd. EK sal julle MY ewige lewe in die hiernamaals skenk en omdat julle MY liefhet, sal julle nooit kan verkoel nie, omdat MY liefde 'n brandende vuur in die binneste van elke siel is, wat MY liefhet. Die brandende liefde kan nie uitgewis of geblus word nie en al kom jy te sterwe, leef jy dan eintlik éers. Geen mens kan MY liefde vir julle deurgrond nie en niemand ken MY weë tot op die laaste letter nie. Al wat julle moet weet, is om MY en julle naaste lief te hê en alles sal aan julle duidelik gemaak word, omdat die liefde niks bedek nie, maar alles in die openbaar bring. Die liefde bedek wel die sonde en sal, as iemand MY om vergifnis gesmeek het, daardie mens se sondes ook vergeet en dit nie weer ophaal en voor almal uitbring nie. Daarom moet julle liefde hê en sodoende sal julle MY liefde in julle laat vlamvat deurdat ander dit in julle sien en MY daardeur loof. Ander sal dan julle liefde vir MY raaksien en dit self begeer en julle sal op so 'n manier skyn in die donker wêreld en niemand kan daardie lig verdof nie, tensy jy dit self nie meer wil hê nie, wat heel onwaarskynlik is, omdat die liefde die mees wonderlikste gevoel in jou binneste is. Niemand wat eers die liefde gesmaak het, wil daarvan ontslae wees nie en wil net nog meer daarvan hê. Op so 'n manier vermeerder die liefde binne julle en laat julle innerlike so verhelder en verlig en kan nie weggesteek word nie, omdat MY lig bo alle ligte skyn. Elke een wat MY liefde binne hom/haar dra, sal meer daarvan ontvang as hulle wil en dit is dan die vermeerdering van die talente waarvan daar gepraat word in die Bybel. EK het nog nooit gepraat van aardse talente nie, maar van die vermeerdering van die liefde, en

daarmee die kleure van die reënboog in jou hart, sal jy vir MY skyn en ander op die regte pad lei, deur jou lig wat die weg verlig. MY kinders, hoe meer liefde julle het, hoe meer sal julle die weg, met MY lig, vir ander verlig en hulle sodoende op die regte weg lei tot hulle by MY is en self die liefde uit MY hand kan ontvang. Gee jouself oor aan die liefde vir MY en vir die naaste en jy sal verstaan waarvan EK praat, as EK jou sal seën met die gawes waarvan daar gepraat is in MY woord, die Bybel. MY gawes sal jou binnekant verlig en jy sal ander op die regte pad kan help en MY op so 'n manier verheerlik, omdat EK die Een is wat jou daardie gawes en talente gegee het. EK sal elke een so seën en niemand sal deur MY afgeskeep word nie. Elke mens het 'n spesifieke doel op aarde en sal dan ook deur MY daarvoor opgewek word op die regte tyd. As jy voel dat jy nie vir MY iets werd is nie, maak jy 'n groot fout, omdat jy vir MY baie kosbaar en lieflik is, maar jou tyd het nog net nie gekom om MY werk, aan jou toegesê, te verrig nie. Moenie na ander kyk en hulle beny omdat hulle vir MY werk nie, omdat jou werk vir MY dalk nog baie groter as hulle s'n sal wees. Elke een moet vir MY werk en al is die werk hoe klein in jou oë, beteken dit vir MY baie, omdat EK jou liefhet. MY kinders, net die bereidwilligheid is al vir MY genoeg en dit sal vir jou tot loon wees. Kom, laat EK jou gebruik, sodat Ons ander se siele uit die donker put kan trek en net soos wat EK jou gered het, moet jy MY help om ander te help en elke mens wat so in opregtheid na MY kom, sal nie afgewys word nie en EK sal so iemand gebruik, omdat hy MY en sy naaste wil dien. Dien MY in opregtheid en jy sal ander help.

Amen.

# Hoofstuk 21

***1 Feb. 2008 09 :51***

Daar is sekere dinge wat julle nie verstaan omtrent die wedergeboorte nie. EK spoor julle aan om wedergebore te word, omdat Ek weet wat dit behels en ook omdat EK julle nader aan MY wil hê. EK weet dat julle almal dit begeer, maar nie so baie aandag daaraan gee soos wat julle moet nie. Die verborgenheid daarvan is dat, hoe meer julle daarna soek en MY daarna vra, hoe vinniger sal julle dit verkry. Die tyd van die wedergeboorte hang van elkeen self af en hoe meer jy aan MY dink en na MY streef, hoe vinniger sal jy met MY Een word. Julle dink dat EK daardie tyd bepaal en dat julle maar net moet glo en bid, maar EK sê vir julle dat dit nie so is nie. Elke een moet self gaan soek daarvoor en wanneer EK sien dat jy MY met jou hele hart soek en bereid is om die dinge in die lewe wat EK van jou vra, bereidwillig af te staan, sal EK jou tegemoet kom en met jou Een word. EK het aan julle gesê om minder te eet en julleself te kruisig wat die kos aanbetref. Daar is min van julle wat dit werklik doen, maar julle wil wedergebore word. As julle wedergebore wil word en die eenheid met MY wil bereik, moet julle ongelukkig afsien van die dinge wat EK julle opdra. Net so is dit met die reiniging tussen man en vrou. Laat mekaar met rus en kom soek MY en al voel jy of jou hart wil breek, moet jy MY om krag kom vra en EK sal jou deur alles help. Is dit nie waar dat EK gesê het dat EK elke man en vrou weer aan mekaar sal teruggee nie? Nou waarom wil julle dan nie laat los nie? EK sal nie een huwelik wat deur MY gereinig word, tot niet laat gaan nie en daar sal niemand verdoem word sodat hy nie weer alles sal terugkry wat hy ter wille van MY moes los nie. Daarom sê EK julle weer, alles wat julle ter wille van MY opgee, sal EK vernuwe en jy sal dit terugkry - nuut oorgedoen en suiwer. Sonder smet en sonder enige gebrek. Dit wat julle nou het, is vol gebreke en EK, wat julle Vader is, wil dit vir julle weer nuut teruggee, maar julle moet bereid wees om dit aan MY af te staan. Daar is baie wat daarvan kan getuig en kan vertel van die wonderwerke wat EK in hulle lewens verrig het, net omdat hulle bereid was om dit af te gee ter wille van MY. Julle moet almal Een met MY

word, voordat die geloofstryd op hande is, anders sal julle nie die stryd kan stry tot op die einde nie. Poog om nóu Een met MY te word, voor die stryd in julle land en julle sal die stryd met ope arms tegemoet kan hardloop en ook ander daardeur kan help. Dit wil EK vir julle gee as julle dit net wil hê. Wat sal julle beter deur die stryd kan dra as juis die wedergeboorte en daarmee die Eenwording met MY? EK sal julle vleuels gee sodat julle oor die vyand kan vlieg, terwyl die wat nog nie met MY Een is nie, die vyand tegemoet moet gaan met net die vertroue op MY. Dit is ook reg om in MY te vertrou, maar is dit nie nog beter om heeltemal Een met MY te wees en alles te kan deursien nie? Daarom, MY geliefdes, wil EK dit vandag dringend op die hart druk om die eenheid ernstiger met MY te soek en EK sal julle genadig wees en julle tegemoet kom. EK sal julle in MY arms wegdra, terwyl die wêreld in stryd gewikkel is om jou, en jy sal met MY krag en deur MY GEES, wondere verrig vir jou medebroers wat nog nie met MY Een is nie. Dit spreek EK, Jahweh van die leërskare aan julle, MY volk.

Amen.

# Hoofstuk 22

***2 Feb 2008 om 06:21***

EK het julle almal wat vir MY skryf, en ook al MY ander kinders by die naam geroep en EK het gesê dat julle MYNE is. Wee die satan met sy makkers wat probeer om julle met die klippe vanuit die hel te gooi. MY kinders is kosbaar in MY oë en sal deur MY beskerm word. Geen mens of satan pluk uit MY Hande as EK besluit het om te red nie. MY kinders, julle moenie moed verloor wanneer daar mense is wat julle probeer aftakel “in MY Naam” nie, omdat die satan boos is en die wat MY nie so soek soos wat hulle moet nie, sal maklik deur die satan op ‘n dwaalweg gelei word. EK sal egter almal wat MY baie liefhet, by die hand lei en op sagte groen gras sal EK daar met hulle sit en hulle onderrig. MY liefling kinders, julle moet getrou aan MY bly en net die waarheid soek en EK sál vir julle net die reine waarheid gee deur MY skryfknegte en deur MY GEES in julle harte. Niemand weet wat EK weet nie en daar is niemand wat MY kan deurgrond of deursoek nie. EK IS en niemand kan daaroor stry nie. EK was en niemand kan die teendeel bewys nie. EK sál kom en daaraan kan niemand - nie boosheid of mens - iets doen nie! EK sal die wat getrou by MY wil bly, getrou bewaar en EK sal hulle by die hand vat en hulle alle waarheid deur die GEES ingee. Kom soek na MY en EK sál dit vir jou ook doen. Niemand is minder werd as die volgende een langs hom nie en MY hart is ontroerd hier binne MY oor elke sondaar wat nie wil hoor nie. MY kruisiging is vir die mensdom gedoen wat gered wil word. Daar is egter baie min wat die liefdesoffer uit MY Hand wil kom vat, omdat hulle eie ego nog te groot is. Wat is die verborgenheid agter MY kruisiging? Die verborgenheid agter MY kruisiging is dat elke een wat wil, dit kan kom opeis en die wat nie wil nie, dit verbeur en dit is nie soos wat die wêreld vertel - dat dit vir enige iemand is nie. Kom vra MY vir MY gestorte bloed oor jou en EK sal jou reinig en die kruisiging is dan met reg deur jou gevra. Maar die wat oor MY kruisiging stry en MY liefdeshand wegklap, omdat die kruisiging nie voorgestel is soos wat hulle dit glo nie, sal nie deur MY gereinig word tot die dag dat hulle kom en vergifnis vra en MY bó die gebeurtenis van

die kruisiging stel nie. Daar is tans baie mense wat nie glo in MY werk nie, omdat daar feite is wat teenstrydig is met dit wat húlle glo. Maar die feit is dat hulle MY liefdesoffer dan nie raaksien nie en hulleself toespits op die ”ware feite” van die kruisiging. MY kinders, of EK aan ‘n dwarsbalk of ‘n vloekhout vasgespyker is, is nie ter sprake nie, omdat niemand van julle daar was om te sien of daar vir julle gelieg word of nie. Maar nou kom EK met al die liefde in MY Vaderhart en EK vertel julle die feite soos dit regtig gebeur het en dan wil julle dit nie aanneem nie. Was jy, wat MY kruisiging so kritiseer, dalk dáár gewees om te sien wat gebeur het? EK het MY lewe vir jou wat nie glo nie, gegee, maar voor jy MY nie raaksien nie, sal daar van die reiniging met MY bloed niks kom nie. Kom daarom na MY en nie na die “feite” wat jy dínk reg is nie, maar na MY uitgestrekte Vaderarms sodat jy MY liefde kan smaak en niemand jou meer uit MY hande kan lok nie. Soos EK alreeds in die verlede gesê het, kan niemand jou uit MY hande uitruk nie, maar wel kan jy uitgelok word as jy graag wil. Dit bly jou eie keuse. EK sal almal wat twyfel so versterk dat hulle nooit meer sal twyfel oor My woorde, gebring deur My skryfknegte nie. Die groot verborgenheid agter MY kruisiging is eintlik so duidelik soos daglig en dit is net MY liefde wat bereid was om bloed te stort vir elke een wat dit wil hê. Elke een wat wil, kan kom en deur MY bloed gereinig word en skoon voor MY staan sodat EK jou kan optel. Onthou, onreinheid kan nie voor MY aangesig verskyn en vertroetel word nie. Dit is al wat EK in verband met MY kruisiging wil sê. Die res van MY kruisiging is vervat in MY boek daaroor.

Amen.

# Hoofstuk 23

***2 Feb 2008 om 07:00***

Hier bo waar MY GEES van liefde oor almal skyn, is daar geen dood nie en EK sal elkeen wat met MY GEES vervul wil word, nooit wegwys nie. EK het MY skryfkneg na nuwe hoogtes gevat waar sy in die hoogste reinheid verkeer saam met MY. Hier waar sy nou is, kan geen dood haar meer raakvat nie en sy is van enige sonde vry. MY kinders, streef daarna, sodat julle ook dit kan ontvang wat EK so pas aan MY skryfkneg gegee het. EK gebruik haar net as voorbeeld vir julle almal wat MY soek. En as julle MY ook so sal soek, sal julle MY dan ook so vind. EK is in elkeen van julle wat MY liefhet teenwoordig en ken elke een se hart. EK weet of daar valsheid en bedrog in skuil. Die van julle wat rein van hart is, sal ook so deur MY na die hoogtes gelei word waar julle in MY lig sal sit en MY kan aanskou. Wees nie bevrees vir die bose nie, omdat die bose julle niks kan maak nie. Daar is al baie dinge gedoen en gesê om MY skryfkneg van MY af weg te lok, maar dit het nie gewerk nie, omdat sy MY altyd eerste gestel het en haar antwoorde by MY persoonlik kom soek het. Moenie gaan na die wêreld vir jou antwoorde nie en kom vra MY en EK sal jou beantwoord. Deur die skryfknegte van MY sal EK jou antwoord as jy MY Stem nog nie in jou binneste kan hoor nie. Toets MY woord aan julle vir die egtheid daarvan, deur MY ‘n vraag te vra in jou binneste en EK, wat alle harte ken, sal jou beantwoord, terwyl MY skryfkneg van niks weet nie. As sy net dit neerskryf wat EK haar ingee, sal sy mos nie verkeerde valsheid kan neerskryf nie? Kom daarom na MY met al julle vrae en EK sal julle antwoord deur hulle wat vir MY skryf en julle sal die waarheid en egtheid van die boodskappe gebring aan julle bemerk, deurdat julle antwoorde op julle vrae sal kry, waarvan hulle (MY skryfknegte) niks weet nie. EK het ook aan My skryfkneg ‘n bal van vuur gegee sodat sy ander daarmee kan aanraak en hulle met MY GEES van liefde kan vertroos en aanraak. Dit is aan haar gegee omdat sy MY altyd gevra het om haar te help om ander te help. Dieselfde bede sien EK ook in baie van julle wat hier lees en EK sal dieselfde vir julle ook doen en aan julle ook gee wat julle van MY vra. MY kinders,

niemand is meer spesiaal as die ander een nie en daarom maak EK geen onderskeid tussen julle almal wat MY wil dien nie. Maar die pad is lank en daar is mense wat al vêr voor is en mense wat nog agter is en daarom word daar verskillende dinge aan verskillende mense gegee, omdat hulle nie op dieselfde afstand van MY af is nie. Daarom moet julle nie dink dat EK een mens voortrek en bevoordeel ten koste van die ander wat nog so vêr op die pad is nie. Elke mens sal dit ontvang wat EK aan haar gegee het, party vroeër en party later, maar dit maak nie saak nie, omdat die pad tog na MY lei en elkeen wat op daardie pad is, by MY sal uitkom. EK skenk aan julle die aardse lewe om die pad na MY te kan voltooi en elkeen wat ernstig is om by MY uit te kom, sal dan ook deur MY so in die lewe gehou word om die pad met sukses af te lê. EK het julle so lief, MY kinders, en EK wil elkeen op die weg help, en die dag wanneer julle te sterwe kom, sal julle sien dat EK julle nie die pad self laat loop het nie, maar dat EK julle die hele tyd gedra het. EK, julle Vader van Ewigheid, sê dit vir julle en niemand sal MY van MY kinders, wat MY soek, weghou nie. Dit sê EK, julle Jahshua vir julle. Amen

(*Voordat ek hierdie hoofstuk getik het, was ek in die Gees by Jahshua en HY het my na dieselfde "wolke" geneem waar ek gister was. (1 Feb. 2008 Die wit lig van Vader se Gees)*

*Ek het daar saam met Hom geloop en ek het uitbundig in die wolke gespeel, omdat ek weet dat ek baie naby aan Vader is. HY het by my gestaan terwyl HY vir my gesê het dat ek maar na hartelus kan speel. Ek het daarin rondgerol en Jahshua gevra om heeltemal Een met HOM te word. Ek sal dan deel van die "wolke" wees, terwyl ek nou net bo-op dit speel. HY het aan my gesê om te skryf en die volgende oomblik sien ek dat ek nog steeds bo-op die wolke sit met my skryfboek in my hande en HY by my sit en dikteer. Hoofstuk 23 was wat HY vir my gedikteer het. Dit is waarna Vader in die begin van hierdie hoofstuk verwys. Louise)*

# Hoofstuk 24

***2 Feb 2008 om 07:38***

Weet julle dat daar in My skepingsruimte baie ander wêrelde is met mense wat ook na MY soek? Ja, dit weet julle al en julle weet ook al dat daar net een manier is om na MY te kom en dit is om die weg van die vlees te volg. Nou MY kinders, julle weet ook dat die kans vir jou om aarde toe te kom baie skraal is, omdat daar soveel miljoene der miljoene mense is wat graag na die aarde wil kom, maar nie kan nie. EK wil vandag vir julle nog 'n verborgenheid bekend maak en dit is die verborgenheid van die vleeswording. Terwyl die mens op die ander planete meer gees as vlees is, is julle hier op aarde in 'n baie digte materie gekluister, om dit so te noem. EK weet egter watter siele dit sal kan hanteer en watter siele dit nie sal kan verdra nie. Daarom is daar nie baie wat na die aarde kan kom nie en wanneer EK dan so iemand, wat dit nie kan verdra nie, maar MY tog daarom smeek, na die aarde stuur, is dit vir daardie persoon so 'n groot skok dat hy dikwels nie lank lewe nie. Dit is dan ook die rede vir die gevreesde wiegiedood sindroom waarvan julle weet. Daardie siel wil nie meer in 'n liggaam wees nie en wens vir die dood om te kom. EK laat dan daardie persoon uit die liggaam gaan en terugkeer na die planeet waarvandaan hy gekom het. Dikwels is dit vir die persoon betrokke 'n baie groot skok en hy sal dan nooit weer 'n kans kry om weer na die aarde terug te keer nie, omdat hy sy kans verspeel het. EK sien op hulle ook neer in genade en sal hulle nie verdoem nie, en EK ken elke een se swakheid. Die mens wat dan so gebore is en dan dadelik weer te sterwe gekom het, het dan 'n proeftydperk op aarde gehad. EK sien elkeen se hart en weet dat as EK nie dood aan daardie betrokke persoon bring nie, hy of sy dan volslae duiwels sal uitdraai in die latere lewe. Die skok om in 'n aardse liggaam gebore te word, na die vry lewe op 'n ander planeet, sal die mens so ruk dat hy die verkeerde weg inslaan en dan heeltemal faal in dit wat hy wou bereik. Daarom ag EK dit nodig om die dood aan daardie mens, wat julle as 'n babatjie sien, te skenk, omdat hy of sy MY daarom vra. EK stuur dan weer daardie siel na die planeet waar hy of sy vandaan gekom het te-

rug en die persoon word dan weer daar gebore. EK laat ook nie toe dat so ‘n persoon onthou van sy lewe op aarde nie, omdat hy/sy dan die ander mense heeltemal van hulle plan sal laat afsien om na die aarde te kom en MY in die vlees te soek. Elke mens, hetsy hier of op die ander planete, het sy eie vrye wil en daarom mag niemand dit beïnvloed nie. Die mense van daardie planete is dan ook moeilik te oortuig om hulle lekker lewe daar op te gee vir die swaarkry hier op aarde en die geringste woorde van iemand wat hulle vertel van hulle slegte tyd hier, sal dan die ander se keuses beïnvloed en hulle van hulle plan laat afsien. EK het baie ander skape, maar hulle is nie van hierdie kraal nie. Dit het EK gesê oor die mense van die ander plekke in MY heelal en EK wil hulle ook almal hierheen bring om die weg van die vlees te volg, sodat hulle MY kan vind. Dit gaan oor die siele wat EK by My wil hê en daarom bied Ek vir hulle ook ‘n kans om hierheen te kom. EK was vir hulle almal ‘n voorbeeld en het hulle dan ook laat sien hoedat EK, die Meester van alles, MYSELF laat verneder, deur ‘n aardse liggaam aan te neem en gebind te wees daaraan. MY kinders, julle wat nou wel hier op aarde is, weet nie of julle van ander planete af gekom het nie en julle weet nie of julle die stryd wat aan julle opgesê is, sal kan stry tot die einde toe nie. Maar EK, wat julle Verlosser en Vriend is, sal julle almal die krag gee om dit, wat julle eens op ‘n ander planeet besluit het, te volbring, al weet jy niks meer daarvan nie. Wie kan MY beperk in MY doen en late en wie kan sê dat dit nie so is nie. EK het MY raadsplan al van oneindige tye gelede al uitgewerk, omdat EK weet wat die beste is en niemand kan sien soos wat EK sien nie. Ook kan niemand weet wat EK weet nie en daarom het EK alles vir die beste heil van MY kinders uitgewerk. Daarom moet julle alles glo wat EK julle sê, omdat Ek die beste weet en julle klein en nietige mensies is wat niks kan sien soos wat dit is, behalwe deur MY wat julle lei en julle oë open nie. Dit is die reine waarheid en elke een wat MY Woorde aanneem, al klink dit hoe snaaks vir jou, en jy sal deur MY beloon word daarvoor, omdat jou geloof in MY so groot was, dat jy alles wat EK jou sê, geglo het, al het jy dit nie self gesien nie.

Amen.

# Hoofstuk 25

***3 Feb. 2008 06:33***

Die dik swart wolke van haat jeens MY kinders is besig om baie vinnig saam te pak en binnekort gaan dit my kinders probeer verswelg. Maar Ek sal met MY kinders wees en hulle uit die groot duisternis wat dreig om hulle te oorval, red en nie een mens sal 'n hand aan hulle slaan nie. Die wat kom om hulle (MY kinders) van die "bose" te bevry, sal self van die ware boosheid in hulle bevry word en hulle oë sal oopgaan en hulle sal sien watter groot fout hulle begaan het. EK sal egter MY kinders by die hand vat en hulle na veiligheid lei en nie een van MY kinders sal deur die bose beseer word nie. EK weet wat daar teen MY kinders beplan word en is dit te wagte om met MY reddende regterhand, MY kind in nood, te hulp te snel en die wat teen hom/haar opstaan, self te slaan. Wees My navolgers en nie MY vervolgers nie. Kom laat EK jou leer en moenie 'n wrok teen een van MY kinders koester, omdat jy dink dit is geregverdig nie. EK weet wat EK doen en sal neerkom op die wat MY woord wil stilmaak. EK sal dit nie toelaat nie en sal op die neerkom wat die "boosheid" wil besweer wat dan nou, soos hulle dink, in MY kinders teenwoordig is. Terwyl die boosheid sy kloue diep in hulle geslaan het, beskuldig hulle My knegte van die grootste besetenheid en poog selfs om MY Gees uit te kom dryf. EK sal dit nie duld nie en sal SELF op hulle neerkom sodat hulle oë kan oopgaan en hulle MY sal sien vir wie EK werklik is. Wees MY getrou en sien MY werke van liefde aan julle raak en hou op om die boosheid in My knegte se werk te kom soek. EK sal julle nooit verkeerd leer nie en sal altyd die reine waarheid met julle spreek. Daarom moet julle glo dat MY skryfknegte net MY woorde aan julle uitdra en dat hulle nie hulle eie eer soek nie. Wie dit glo, sal ryklik deur MY SELF beloon word en dit is die volgende verborgenheid wat Ek aan julle wil bekend maak. Dit is die verborgenheid van die groot oordeel wat elkeen oor homself uitspreek deur nie MY skryfknegte se woorde van MY aan julle, te glo nie. EK ken elke een se hart en gee hierdie werke van liefde aan julle almal wat dit wil hê. MY skryfknegte is die leë instrumente in MY Hande en EK gebruik hulle om MY

woorde aan MY volk uit te dra, omdat EK nie SELF na hulle kan kom nie. Ek kan nie in MY Persoon na julle kom nie, omdat almal wat MY sien en MY nie liefhet nie, sal beswyk van vrees. Ek sal julle nie oordeel nie, maar EK roep julle weer in liefde aan en vra julle om weer MY woord aan julle, te lees. EK is in beheer van alles en ook in die beheer van die verspreiding van My boeke, gerig aan julle. Vertrou MY, dat EK julle nooit verkeerde dinge sal gee wat julle siele sal skaad nie en dat julle in MY Liefdevolle Vaderhande veilig sal wees tot in ewigheid. MY lieflingkinders, EK het julle tussen almal in die hele wêreld uitgekies om hier te wees in hierdie tyd, omdat EK geweet het dat julle MY Naam sal uitdra en sodoende ander mense uit die diep put van die duisternis sal help. Daarom moet julle MY woorde aan julle diep in julle harte wegbêre en dit nie laat vaar nie, omdat die loon wat EK vir julle berei het vir julle lydsaamheid, baie groot sal wees. Wees nie bevrees as die mense na julle sal kom en julle probeer oortuig dat julle verkeerd is, in MY Naam nie. EK spreek die lewe oor hierdie werke van My uit en niemand wat dit lees sal doodgaan of in die verderf beland nie. Luister na MY woorde - spreek dit nie net van die liefde vir MY en julle naaste nie? Is dit nie MY eerste gebooie nie? Sal satan MY gebooie verkondig? Satan is MY teenstander en die teenstander verkondig die teenoorgestelde van MY. Daarom sal hy met slinkse planne kom en julle probeer verlei deur te sê dat MY woorde vals is en nie uit MY Hart kom nie, maar uit ‘n mens se hart. Dit is vêr van die waarheid af, omdat MY skryfkneg glad nie skryftalent het nie. Sy is nie ‘n mens vir die pen nie en sal dit eerder buite wil deurbring as in die huis, maar sy het MY gekies en daarom doen sy met vreugde wat EK haar oplê om te doen en dink nie hierdie dinge uit nie. EK dwing niemand nie en ook het EK haar nie gedwing nie. Dit het sy uit vrye wil aan MY gegee. EK het julle almal lief en spreek tot julle harte en daarin lê vir julle die bewys dat EK die Een is wat hier met julle spreek. ‘n Mens het nie krag uit homself nie en daarom sal ‘n mens se woorde dan ook nie krag hê nie. Maar hierdie woorde van MY het krag. Let net op na jou binneste - dit ís EK wat hier spreek en nie ‘n mens nie. Jou vrae moet jy aan MY rig en nie aan ‘n mens nie, nie eers MY skryfknegte nie, en EK sal jou antwoord deur MY werk aan julle en daarin sal julle ook sien en herken dat dit EK is

wat spreek. Gaan nou en soek na MY alleen en EK sal jou oë oopmaak sodat jy MY hierin kan herken.

Amen.

# Hoofstuk 26

***3 Feb. 2008 06:58***

Gaan en verkondig MY woorde aan die nasies, was MY opdrag aan MY dissipels van ouds en nou ook aan julle. MY kinders, die nasies waarvan EK praat is al die mense van Israel wat nog verlore en verstrooid oor die hele wêreld is. EK sal sekere mense oproep om na die mense in die ander lande te gaan en MY woord daar te gaan verkondig en dit sal hulle baie aangenaam vind, omdat die mense wat daar is, baie honger vir MY woord is. Daar is min van MY woord beskikbaar in die ander lande, alhoewel EK ook 'n paar profete daar opgewek het. Maar wanneer EK mense van Suid-Afrika daarheen sal stuur, sal hulle met gespitste ore luister, omdat hulle almal nog die Slag van Bloedrivier in hulle geheue het en dit beter onthou as julle eie volk met wie dit gebeur het. EK sal hulle harte open en hulle sal julle met ope arms verwelkom en julle sal baie na MY lei en sodoende sal julle loon by MY ook vergroot. EK weet wie EK na die buitenste lande gaan stuur en is SELF besig om hulle voor te berei vir die groot taak wat voorlê. EK stuur julle. Julle wat gaan, sal ryklik voorsien word van alles wat julle nodig het vir die reis en ook vir oorlewing daar vêr oor die see. Maar MY guns het op hierdie land geval en in Suid-Afrika sal EK MY Naam opbou en julle sal MY híer sien en daarom wil EK ook MY kinders van ander lande hierheen bring, sodat hulle MY ook hier sal sien. Dit is die nuwe volk wat EK vir MY gaan opbou en uit julle alleen sal die nuwe geslag van die nuwe aarde voortkom. Baie van julle wat nou hier sit, sal ook op MY nuwe aarde aanwesig wees en julle sal julle kindskinders se kindskinders aanskou. EK sal julle almal ryklik seën op MY nuwe aarde. Maar voor daardie tyd van ewige vrede aanbreek, sal julle eers vir MY in die wingerd moet gaan arbei. EK sal elke een wat in MY wingerd gaan werk, met alles toerus wat hy nodig het en niemand sal iets kortkom nie. EK sal julle alles gee wat julle nodig het, sodat julle vir MY siele kan wen en sodoende die mense wat nog in die sonde verstrik is, bevry. Dit gaan vir MY om die wen van siele voor die groot dag van Jahweh aanbreek en nie om die vergelding van die slegte werke nie. EK wil die slegte werke uit-

roei en dit tot niet maak, ja, maar die wen van siele is vir MY belangriker, omdat EK weet dat die bose baie grof teen MY kinders handel en sodra hulle by MY is, sal niks hulle meer kan skaad nie, al dreig die vyand met die dood. Die ewige dood sal die vyand nie aan MY kinders kan gee nie en daarom wil EK hê dat daar gearbei moet word aan MY siele, voor die oordeel kom. MY kinders, kom verklaar julleself bereid om MY werk te doen en EK sal julle seën en help deur alles wat julle moet doen. Julle sal saam met MY die ewige lewe ingaan en julle broeders wat julle uit die dood gered het, sal julle ewig dankbaar wees, terwyl hulle MY loof vir MY krag wat EK julle gegee het om hulle daar uit te gaan haal. Hulle sal MY in julle sien en julle aanneem in MY Naam en daarin lê ook vir hulle ‘n groot loon, omdat elke een wat iemand, deur MY gestuur, aanneem net omdat hy ‘n arbeider in MY Naam is, ook die loon van ‘n profeet sal ontvang. Dit moet julle weet en ook moet julle MY Naam daarvoor loof, omdat EK alleen die groot Ewige Wysheid is en julle volgens MY Wysheid rig.

Amen.

# Hoofstuk 27

***3 Feb. 2008 07:19***

EK sal elke een wat MY werk verrig so bystaan sodat hy/sy bewus word van MY teenwoordigheid binne hom/haar. EK sal julle almal wat MY werk moet doen so sterk maak dat daar nie 'n einde aan jou kragte kom nie. En self sal jy weet dat dit net Ek is wat jou so deur alles dra. MY engeleskare staan gereed om jou by te staan en in die stryd sal hulle jou help. Jy moet net bereid wees om die werk te gaan doen. EK kan julle nie genoeg die klem op die hart druk dat die tyd naby is en dat julle baie werk het om te doen nie. My kinders, wees sterk in MY Naam en gaan doen MY werk met vreugde in jou hart en weet, EK, jou Vader is met jou en MY engele sien elke ding wat jy in MY Naam verrig. Die engele juig en jubel oor die mens wat homself oorgee in MY Hande en die sware las vir MY wil dra. EK sal so iemand nooit verlaat nie en sonder MY sal julle niks kan doen nie, daarom versterk EK julle SELF en sal julle nie los nie. Werp alles in die stryd en EK sal alles in die stryd werp om jou by te staan en jou te dra. MY kinders, gee nie om wat die wêreld van jou sê nie. Gaan aan en doen MY werk aan jou opgelê en jy sal nooit spyt kry nie. Die sware las wat jy sal moet dra, sal vir jou lig wees, omdat EK dit vir jou dra en jy maar net MY las en kruis sal moet dra. EK sal julle sterk maak in MY Naam en kragtig sal julle dan MY werk verrig om siele na MY te bring. Dink aan jou broer en kom na MY, sodat EK jou hande diensbaar kan maak en jy hom of haar, wat nog vasgeval sit in die net van die bose, kan gaan uithaal. Net julle wat MY liefhet, sal die werk kan doen en sonder die liefde sal niemand eers 'n vinger kan verroer om jou naaste te gaan red nie. EK sal julle nooit in die stryd verlaat nie en julle hele doel op aarde is om MY mense te gaan bevry. Elke een van julle wat nou hier lees, al is jou oë nog toe, sal vir MY moet stry en MY bely, en EK sal julle almal die krag daarvoor gee. Al lyk dit nou vir jou of jy nie so iets sal kan doen nie, sal jy verbaas wees oor jouself as jy net na MY kom, sodat EK jou met MY krag, Wysheid en liefde vervul. Dit is al wat jy nodig het om vir MY te gaan werk. Net MY liefde sal genoeg wees om jou deur te dra. Omdat jy My liefde in

jou binneste het, sal al die ander dinge aan jou gegee word. Moenie daaraan twyfel nie en glo MY woorde, omdat My dissipels almal mense net soos julle was, en hulle MY woord kragtig kon uitdra, nadat EK MY GEES oor hulle uitgestort het. EK sal MY GEES oor elkeen van julle ook uitstort en julle sal in MY Naam wonders doen en mense van die bose bevry. Dit alles sal EK alleen vir julle gee en julle sal net vir MY hierin kan sien. Jou liefde vir MY sal dan daardeur vergroot en jy sal saam met MY in die Ewige Lewe kan wees en jy sal bly wees vir elke traan, elke las en elke belediging wat jy ter wille van MY gedra het. Dra dit, MY kind en jy sal ryklik daarvoor beloon word.

Amen.

# Hoofstuk 28

***4 Feb. 2008 06:31***

EK stuur die wat MY liefhet na die wat Ek sien ‘n hongerte na MY het en almal wat bereid is om MY werk te verrig, sal na MY visse gaan en hulle vir MY inbring. EK sal sorg dat daardie visse maklik te vange is, sodat julle hulle na MY kan lei. Gaan MY kinders, en moenie dat die wêreld julle terughou nie, omdat daardie mense se siele kosbaar is in My oë. Gaan verrig arbeid in My wingerd en wees MY diensknegte, wat MY tuin bewerk. EK sal julle nooit verlaat nie en sal sorg dat julle al die krag en elke talent het wat julle nodig het om hulle vir MY in te bring. Sê aan almal dat EK jou gestuur het deur jou handelswyse en nie deur jou mond nie. EK sal hulle harte oopmaak, sodat hulle julle sal sien vir wie julle werklik is. Dikwels is dit mense wat jy al jare ken en nie geweet het dat hulle MY soek nie. EK sal julle oë oopmaak sodat julle sal sien wat in hulle binneste aangaan. Vertrou net op MY en weét dat EK jou stuur. EK sal MY mense van vêr gaan haal en die wat naby is, sal EK deur MY gewillige hande bewerk. Kom na MY, sodat EK jou van die nodige krag en arbeidstalent kan voorsien en wees gewillig, sodat jy soos klei in MY hande sal wees en alles wat EK jou oplê, sal doen. Die verborgenheid agter dit wat EK julle nou gesê het, is dat julle nie krag kan maak nie, maar dat julle alles by MY moet kom haal. Dikwels voel julle vol krag en lus om vir MY te veg, maar as EK jou nie gestuur het nie, sal jou kragte faal en jy sal druipstert moet omdraai en dit sal vir jou voel asof jy niks kon regkry nie. As EK jou stuur, sal jy weet dat jy jou krag van MY af gekry het en jy sal voel hoe EK deur jou werk. Maar wanneer jy op jou eie gaan, sal MY krag nie by jou wees nie en jy sal nie mooi weet wat om te doen nie. Dan sal jy ook nie sukses met jou vissie hê nie. Dit is dan ook wat met My dissipels gebeur het, toe EK hulle aangetref het, nadat hulle die hele nag probeer visvang het en niks kon kry nie. Nadat EK hulle gesê het om weer hulle nette uit te gooi, het hulle so baie gevang dat die net wou skeur. Dit is ook so met julle. Wag dat EK vir jou sê na wie jy moet gaan. Uit jou eie uit, sal jy niks kan regkry nie, al is die wil daar om dit te doen. EK weet waarom EK julle op daardie tydstip uitstuur en nie

‘n dag voor die tyd nie, omdat EK elke mens se hart ken en weet wanneer dit die regte tyd is om hom of haar te bewerk. Gaan doen net soos wat EK julle beveel en vertrou op MY, wat julle nooit verkeerd sal leer nie.

Amen.

# Hoofstuk 29

***4 Feb. 2008 06:57***

EK sal jou gesond maak en jou by jou hand vat sodat jy saam met My die pad van jou lewe verder kan stap. EK sal almal wat net op MY vertrou nooit in die steek laat nie. Julle moet onwrikbaar in MY glo en weet dat EK niemand wat ten volle in MY glo, sal beskaam en hulle hoop tot niet maak nie. Dit belowe EK julle en daarom spoor EK julle aan om net in MY te glo. Daar is niemand soos EK, wat kan genees sonder mediese hulpmiddels nie. EK sal genees waar en wanneer EK wil, maar dit hang ook van jouself af of jy in MY genesing gaan glo of nie. MY kinders is kosbaar in MY oë en EK wil graag dat hulle die lewe ten volle moet benut, sodat hulle die hoogste sport kan bereik, voordat hulle met die liggaam skei. Kom vra MY vir genesing en weet dat daar waar EK genees, dit ten volle is. EK genees nie net liggame nie, maar ook harte en EK vertroos met MY sagte Vaderhande. MY hande kan heel waar daar nie meer hoop is nie. Glo net in MY Verlossing en elke een wat twyfel, sal dan kan sien dat EK werklik My woord gestand doen. Julle glo dikwels nie dat EK MY na julle sal wend nie en dat EK te groot is om MY aangesig na julle te draai, maar watter Vader kan, omdat sy kind nog klein is, hom net ignoreer? As ‘n aardse vader dit nie eers kan doen nie, hoeveel minder kan EK dit nie doen nie. EK kan alles doen wat Ek wil en kan selfs mense uit die dode wek. Maar daar is ook ‘n voorwaarde aan verbonde en dit is dat EK onwrikbare geloof van jou vra. EK kan niks doen waar daar ongeloof is nie, nie omdat EK te onmagtig is nie, maar omdat EK niemand dwing om in MY te glo nie. EK gee elkeen sy vrye wil en die keuse is by jou om te besluit of EK dit vir jou gaan doen of nie. Wanneer EK onwrikbare geloof by jou sien, sal EK MY haas om jou te hulp te snel, maar wanneer EK sien dat die ongeloof jou beet het, sal EK MYSELF terugtrek om nie jou vrye wil aan te tas nie. Geloof word gebore uit die liefde vir MY en daarom spoor EK julle aan om MY lief te hê sodat jy geloof in MY kan vestig. Wees vir MY lief, MY kinders, wees vir MY lief en alles wat julle dan van MY vra, sal EK aan julle gee. Julle sal berge kan versit, omdat julle liefde en geloof dit van MY vra. Kom net na MY en EK sal jou versterk vir die tyd wat voorlê en julle hoef niks te vrees nie. EK, julle Vader en Almagtige Skepper sê dit vir julle. Amen.

# Hoofstuk 30

***4 Feb. 2008 07:34***

Doen My werk met vreugde in julle harte. EK sal julle versterk vir dit wat EK julle oplê om te doen. Julle sal met nuwe ywer gaan arbei en nie moeg of mat raak nie. EK het gesê dat Ek julle alles gee wat julle nodig het om te gaan werk en dit belowe EK, en die vrolikheid van hart, sal EK nie van julle weghou nie. Terwyl julle vir MY werk, sal julle 'n vrolikheid ondervind en julle vreugde sal in MY wees. Soos wat julle werk, sal die vreugde in MY vermeerder totdat julle almal om julle ook so "aantas" en hulle ook vrolik maak in MY. Wees My blydskap deur vir MY bly te wees. As Ek jou blydskap is, sal jy My blydskap wees en EK sal vreugde in jou beleef soos wat jy vreugde in MY beleef. Daar is niks soos iemand wat sy werk met vreugde verrig nie en dit laat almal om hom ook vreugdevol voel. MY kinders, kyk na MY. Is daar enige dood by MY te vinde? Die lusteloosheid is die dood en daarom spoor EK julle aan om vrolikheid van hart te hê en jou werk met ywer en vreugde te doen. Kyk na MY. Met MY lewe op aarde het EK met ywer die werk gedoen wat EK moes, en EK het die hoogste saligheid in MY binneste gehad en daarom kon EK so baie mense na MY lok. Iemand wat vol lewenslus is, sal ander ook lewenslustig maak. Maar kyk maar na iemand wat doods daar rondsit in verveeldheid. Almal wat na so iemand kyk sal ook later verval in 'n staat van verveeldheid en morbied word. Daarom laat EK die son skyn sodat julle almal vrolik kan word by die sien van die son se vrolike strale. Waarom laat die nag jou effens bedruk voel? Dit is omdat dit duister is en jy nie veel kan doen nie, maar MY lig sal jou weer tot lewe wek en jy sal met nuwe ywer die dag aanpak en die werk sal vir jou 'n plesier wees. Kyk net na MY wat julle Son is. EK skyn in elkeen se hart wat MY daar wil hê en elkeen wat MY lig daar toelaat, sal in vreugde lewe, al gaan dit ook hoe sleg met hom op ander gebiede. MY lig in jou hart sal ook elke liewe goeie eienskap verlig en die diamant in jou hart sal skitter. Wees vir MY lief en die diamant sal My lig ontvang en jy sal blink en ander sal jou lig sien skyn en MY met vreugde kom soek soos jy. EK sien alles raak, omdat daar lig by MY is. Om die

waarheid te sê, is EK die Lig en EK skyn oor almal, maar die wat die vensters van hulle harte toemaak, sal in duisternis bly voortleef, totdat hulle tot die besef kom van die donkerte in hulle. Maak julle harte oop vir MY, die Erekoning om in te kom en julle sal van binne verlig word en elke mens sal begeer om dit te hê wat jy het. Dit belowe EK julle, MY kinders wat soos diamante sal skitter vir MY, julle Verlosser en Vriend.

Amen.

# Hoofstuk 31

***5 Feb. 2008 06:16***

EK slaan wonde in die wat EK wil reinig, sodat hulle skoon kan kom van al hulle onreinheid. Julle almal wat MY gevra het om gereinig te word, moet julle aan MY kom oorgee. Wanneer julle wil hê dat EK julle moet reinig, moet julle MY vra en EK sal kom en julle sal geslaan word, tot die bloed vloei, sodat alle wonde kan skoon kom en daar waar jy bloei, groei jy aan MY vas en so word die Eenwording met MY bewerkstellig. MY kinders, dit klink vir julle vreeslik wreed en julle wonder wat van MY barmhartigheid geword het, maar dit is deel van MY barmhartigheid teenoor julle, omdat EK die onreinheid in julle sien en julle wil skoonmaak, voordat die dag van Jahweh aanbreek en julle dan met geweld gereinig gaan word. As jy jouself eenmaal aan MY reiniging oorgegee het, en jy besluit dan om die hand aan die ploeg te slaan en om te kyk, sal EK jou vinnig van jou planne laat afsien, deurdat EK jou met geweld by MY sal hou en as jy in vorige sondes verval, sal jy dubbeld deur MY gereinig moet word. Kom, MY kinders, EK is nie wreed of onbarmhartig nie. EK het julle lief en net soos wat 'n pa sy kind tugtig omdat hy hom liefhet, so tugtig EK julle, met mate, omdat EK julle liefhet. EK wil julle net by MY hou, omdat EK die aanslag van die bose om julle sien en ook weet dat hulle julle nie sal uitlos, voordat hulle julle weer in hulle kloue het nie. Maar as jy jouself aan MY oorgee, sal EK jou vashou sodat jy niks oorkom nie en in veiligheid sal jy by MY wees. EK sal die wat egter na hulle ou weë wil terugkeer, hard met die roede bykom sodat hulle weer na MY sal draai en dit wat hulle deur MY begin het, sal EK dan voortsit. EK wil elkeen van julle hier by MY hou en kan dit nie nou doen nie, omdat julle nog onrein is en daarom sê EK dat julle moet kom vir die reiniging. EK weet wat binnekort in julle land gaan gebeur en wil julle voor die tyd daarvan skoonmaak en julle styf teen MY bors vashou, sodat die onheil wat gaan uitbreek, julle nie tref nie. Maar elke een wat homself wou beskerm en nie die reiniging wou deurgaan nie, sal dán deur MY gereinig word en dit sal nie op 'n sagte manier gebeur nie. Daarom sê EK weer vir julle, kom na MY. Gee jouself onvoorwaardelik

aan MY oor en wees verseker dat EK so sag met jou sal werk dat jy die reinigingsproses amper nie sal voel nie. Dit sê EK aan julle almal en EK waarsku ook almal wat hulle uit die reinigingsproses wil uittrek.

Amen.

# Hoofstuk 32

***5 Feb. 2008 06:28***

MY boodskapper sal na julle kom, binnekort, so wees hom te wagte. Hy sal julle almal gereed kry vir die groot stryd en julle sal daardeur versterk word in julle geloof. Hy sal julle almal na MY lei en julle sal MY hand in alles kan sien. Wees maar net gereed en wéét dat dit waar is. Dit sal iemand wees wat heeltemal Een met MY is en hy sal julle almal na MY lei deur die werke wat hy sal doen in julle midde. Hy sal siekes gesond maak en die dowes sal hy laat hoor. Die blindes sal hy laat sien en die swakkes sal hy versterk. Wees verseker, EK stuur hom. Hy sal net op MY woord reageer en niemand sal hom kan vastrek nie, omdat hy vergeestelik sal wees. Hy sal kom en gaan soos wat EK hom gebied en hy sal MY bo alles en almal stel. Wees verseker, sê EK weer, dat hy sál kom en dat hy ook vir julle almal intree by MY. MY kinders, dit is vir MY nodig om so iemand na julle te stuur, omdat EK julle daardeur wil versterk en omdat julle MY liefhet, sal julle dan ook so deur MY gedra word. EK sal 'n wonder in julle volk doen omdat julle MY van altyd af gesoek het en omdat EK weet dat MY oorblyfsel wat MY getrou gebly het, hier is. EK sal dan ook ander opwek wat Een met MY word, sodat julle hierdie stryd wat kom, sal veg met geestelike leiers en nie weer soos in die verlede met politiek en militêre taktiek nie. MY kinders, luister na die wat EK na julle sal stuur wat Een is met MY en wees verseker dat dit EK is wat hulle stuur. Dit wat hulle sê moet julle doen, sodat julle kan bly leef, omdat alles wat hulle aansê om te doen, MY opdragte aan hulle is. Hulle is My helpers en MY uitgestrekte hand wat EK tussen julle instuur. Die vyand is nie opgewasse teen MY en MY boodskappers en Helpers nie en sal daarom die onderspit delf in hierdie komende stryd. EK sal hulle die land uit verjaag, sodat net die wat rein van hart is, sal oorbly en EK MYSELF weer hier kan vestig. EK sal julle oorvloedig seën en niemand sal tekort hê aan enigiets nie. Daarin sal julle weet dat dit EK is wat julle lei, deurdat julle MY GEES op die mense wat EK na julle sal stuur, sien. EK sal julle geestesoë verlig, sodat julle die GEES binne MY boodskapper, wat eerste na julle sal kom, sal sien en julle sal net

weet, sonder dat iemand julle met die mond sê, dat dit EK is wat julle besoek. MY kinders, sien julle nou MY oorgrote liefde vir julle in alles? Sien julle dat EK net genadig is, selfs in MY reiniging van julle binneste? EK sal julle nooit laat vaar nie, omdat EK julle liefhet en elke een wat MY ook liefhet, sal nie deur MY verlaat word nie. Gaan na julle boers en sê vir hulle wat MY woord nie lees nie, dat hulle ook MY boodskapper moet verwag, maar sê ook aan hulle dat hy hulle nie sal oordeel nie, maar hulle sal waarsku in MY Naam. EK stuur hom na elke mens wat MY ken, maar nog nie in MY geskrewe woorde glo nie. EK sal hulle oë oopmaak, sodat hulle vir ‘n wyle MY GEES sien en dan sal hulle begin dink aan MY woorde deur julle gespreek. Gaan sê dit vir hulle in liefde en weet dat EK besoeking aan hulle ook sal doen en die manier waarop hulle MY boodskapper ontvang het, sal dan ook vir MY die weg wys waarop EK hulle moet ontvang. EK sal elke een wat MY boodskapper beledig, sekerlik nie ongestraf laat bly nie, omdat MY GEES in die boodskapper is en die een wat hom beledig, MY beledig. Glo nou MY kinders, en EK sal julle nooit verlei nie.

Amen.

# Hoofstuk 33

***5 Feb. 2008 06:53***

EK sal julle wat na MY soek met vol harte, nooit los sodat julle MY nie sal vind nie. Baie keer is julle eensaam en voel julle deur almal verlate, al is julle tussen baie mense. MY kindertjies, julle moet dink aan MY kruisiging op Golgota en onthou dat EK SELF ook verlate gevoel het. EK het MY kruis gedra sonder dat iemand gehelp het en EK moes SELF MY weg baan. Julle daarenteen het vir MY om julle kruis op te neem en julle het MY om julle te dra, saam met julle sware kruis. EK, julle Vader, sal julle nie verlaat nie, al voel dit vir julle of julle alleen hierdie swaar pad moet loop. Wees net daarvan verseker dat julle nie deur MY verlaat sal word nie, en dat EK julle sal dra, al voel julle alleen. EK moet MYSELF van julle terugtrek, sodat julle die keuse self kan maak en ook dat julle die harde pad moet stap en verlate voel sodat julle nog kan besluit of julle voort wil gaan of nie. Kies julle om, ten spyte van die swaar pad, nog voort te gaan, sal EK weer kom en julle optel en julle sal voel dat EK weer met julle is en julle dra. Dit is ook deel van die reinigings-proses en julle sal nie deur My verlaat word vir ewig nie. MY Vader het MY verlaat, sodat EK SELF die pad kon stap en HY het weer met MY verenig op die vasgestelde tyd. Net so sal EK julle ook ‘n klein rukkie alleen laat sodat julle alleen kan stap en self ‘n keuse maak. EK sal MY dan na jou haas as EK sien dat jy aanhou stap, al word dit hoe swaar. Dan sal jy MY voel en jy sal weet dat EK met jou was. Anders as wat dit met MY kruisiging was, sal EK baie vin-nig na jou kom, omdat EK weet dat julle swak mense is en nie mooi weet hoe om voort te gaan sonder MY leiding nie. EK sal niemand verlaat nie, al voel dit so. EK is nog steeds by jou, maar trek MY terug, sodat dit vir jou voel of EK nie meer teenwoordig in jou is nie. Maar EK is nog daar en sal jou dra en voor jy weet, is jy in MY arms. EK het in MY sterwensuur heeltemal verlate gevoel en daar was niemand wat MY kon dra nie. EK is met MY Vader verenig en al die krag is aan MY teruggegee. Dit belowe Ek julle ook almal, dat julle met krag vervul sal word en dat julle nie altyd so kragteloos en magteloos sal voel nie. Kom na MY, stap die pad na MY en EK sal jou optel en jou dra deur alles wat jy vir MY op aarde moet doen. Gee alles aan MY oor en vertrou net ten volle op MY. Amen.

# Hoofstuk 34

***6 Feb. 2008 06:27***

EK sien alles in die heelal en Ek sien ook waar daar met heftigheid teen MY kinders baklei word. Elke liewe woord teen MYNE word gehoor en niemand kan iets vir MY oë wegsteek nie. Daarom wil EK vir almal wat MY woord uitdra en deur die mense bespot en selfs belaster word, sê dat hulle nie bekommerd moet wees nie, want EK sal al julle laste dra en julle van julle bose vervolgers verlos. Moenie bekommerd wees en mismoedig word wanneer hulle julle as boos afmaak en julle agteraf beswadder nie. Onthou dat EK dit ook moes verdra en nog meer, wat hulle aan MY gedoen het. Wees verseker van MY bystand en Liefde en weet dat EK julle deur dit alles dra. As daar tye kom waar julle in opdrag van MY vir iemand iets moet sê, sal julle ook die krag van MY ontvang om dit te doen, al word julle met klippe bestook. EK sal julle almal beskerm en voor julle gaan staan en die klippe SELF vang wat na julle kant toe kom. EK sal julle oë oopmaak, sodat julle kan weet dat EK naby is en julle beskerm. MY kinders, maar julle moet bereid wees om vir MY te gaan veg en te ly in MY Naam. Moenie by die huis sit en wag dat iemand na jou kom wanneer EK jou gestuur het nie. As EK jou na iemand stuur, moet jy gaan en sonder skroom of skaamte, MY woord aan daardie persoon gee. EK het gister MY skryfkneg gestuur en sy het gegaan. Op die pad het ek aan haar gesê dat sy met klippe gegooi gaan word, maar dat EK voor haar staan en haar beskerm. Daar is sy toe met klippe bestook op 'n baie subtiele wyse en EK het dit aan haar gesê terwyl sy bestook is. Die klipgooier dink natuurlik dat sy niks daarvan weet nie, maar EK het aan haar gesê dat EK voor haar staan en die klippe wat na haar kant toe kom, opvang. Dit wat duidelik teen haar gesê is, maar op 'n "liefdevolle" manier is deur MY opgevang en sy het niks gevoel nie. Inteendeel voel sy niks kwaad vir die persoon wat dit gedoen het nie. Dit is wat EK belowe het vir almal wat MY liefhet en daar sal nog erger dinge vir julle almal kom. Maar vir die wat MY liefhet en bereid is om vir MY te ly, sal daar altyd redding wees en EK sal julle nooit vir die wolwe los om verskeur te word nie. Gaan doen MY

werk wat EK vir julle oplê en weet dat EK jou gestuur het en niemand anders nie. Gehoorsaam MY en nie die mens wat jou liggaam kan skaad nie. EK alleen kan red of verdoem en daarom moet julle MY eerder vrees as die mense wat julle niks kan doen nie. EK wil egter nie gevrees word in die ware sin van die woord nie, maar EK wil bemin word en daarin lê die regte vrees wat EK wil hê. Gaan met moed en durf en daad na die plek waarheen EK jou stuur en weet dat jy nie uit jouself gaan nie, maar deur MY. EK sal jou nie op die pad daarheen verlaat en jou aan jou eie lot oorlaat nie. Dit belowe EK jou.

Amen.

# Hoofstuk 35

***6 Feb. 2008 07:05***

EK, julle Almagtige Skepper en Vader sal julle nooit in die duister laat wanneer julle MY opreg soek nie. EK sien baie wat MY in opregtheid soek en daarom sal EK die volgende aan julle bekend maak. In die begin was die Woord en die Woord was by GOD en die Woord was GOD. Dit is die heel eerste verse van die boek Johannes wat in die Bybel staan. MY kinders, wat beteken dit? Dit beteken net die volgende: EK was van ewigheid af gewees. Van die begin af was EK en die Woord was by MY en die Woord was en is nog steeds EK. EK of MY Woord kan nooit vergaan nie. Vir ewig en ewig bly dit steeds vas staan. Daarmee wil EK aan julle sê dat dit wat EK gespreek het, vas bly staan tot in ewigheid. Wanneer EK dus sê dat julle MY volk is en nie die ander nasies nie, beteken dit dat dit vir altyd so sal wees. Baie lees die Bybel en sê dat baie dinge verander het en wil MY dan daarin vastrek. Baie verkondig dat julle nog steeds gebonde is aan die wette van ouds, omdat dit vasgestel is vir die Israeliete in die woestyn en dit deur MY bekragtig is, maar daarin wil hulle dan ook sê dat EK onmagtig is en gebonde aan menslike wette, want daardie wette is deur Moses aan die volk gegee. MY kinders, die enigste wet wat EK vir julle gee om te hou, is die wet van die liefde. Niemand kan MY vashou in woorde wat EK gespreek het nie, omdat EK die een is wat spreek en presies weet wat MY woorde beteken. EK het net die liefde as wet ingestel, van altyd nog, maar omdat die Israeliete ongehoorsaam was aan daardie wet, moes Moses na MY kom en hy het aan MY sekere wette voorgelê om die Israeliete te bind om sodoende die liefdeswette na te kom, anders sou die hele volk verdelg gewees het. Nadat hulle uit Egipte uitgelei is, het daar nog baie van die liefdeloosheid in hulle geheers en niemand het die ander een liefgehad nie. Daar was hier en daar mense wat liefde gehad het en hulle was baie skaars, maar die oorgrote meerderheid het mekaar in onguns behandel en was nie meer gehoorsaam aan MY woorde van liefde, gespreek aan hulle vanaf Adam se tyd nie. Dink julle dat EK eers die wette van liefde vir die Israeliete in die woestyn gegee het? As julle so dink,

maak julle 'n baie groot fout, omdat EK nog van altyd af met MY kinders gepraat het. Watse God sou EK wees as EK eers met MY volk sou spreek baie jare nadat EK hulle geskape het? Nee, EK het hulle al van die vroegste tye af met MY liefdeswette onderrig. Daarom kan julle MY nie bind aan MY gespreekte woord op die berg Sinai nie, omdat dit 'n voorstel en vraag van Moses was. Hoe weet julle wat Moses MY gevra het in sy hart? Hy het MY gevra vir sekere riglyne om die volk te kon verbeter na hulle uittog uit Egipteland uit. EK het die liefdeloosheid van die volk raakgesien en dit aan Moses toegestaan om sekere wette ekstra van MY gebooie wat aan hulle gegee is, by te voeg. Daardie wette was die wette van die reiniging en al die ander wette van daardie tyd wat onmoontlik én onnodig is om nou na te kom. Ek wil julle net MY gebooie van liefde op die hart druk en julle daarin onderrig. Nou kan julle sê dat hier nou ook liefdeloosheid heers en dat dit die mense sal baat om weer daardie wette te onderhou, maar EK sê vir julle dat daardie wette ook gegee is om die ander volkere uit die midde van My volk uit te kry. Niemand kon die wette tot in die fynste besonderhede onderhou nie, en is daardeur baie swaar gestraf, wat vir die ander volke dan ook teveel geword het en hulle het teruggegaan na hulle eie mense toe. EK is 'n God van reinheid en wil daarom My volk rein hê. Vry van ander nasies tussen hulle. EK het dan ook die volk vir baie jare deur die woestyn gelei sodat hulle kon uitsterf en nie tussen MY kinders wees in die beloofde land nie. Daar was baie wat teruggegaan het, na die kwaai, strenge wette van daardie tyd, maar baie het dan ook gebly en moes op die tog deur die woestyn verwyder word. MY kinders, julle lewe ook vandag in liefdeloosheid en het ook sekere wette nodig om julle daarvan af te laat sien, MAAR EK wil hê dat julle MY in liefde moet dien en nie uit dwang nie. Kom na MY met die liefde in jou hart en EK sal jou reinig en jou help, sonder dat jy wette daarvoor nodig het. EK wil harte hê wat uit liefde na MY kom en nie uit vrees nie. Daardie wette wat in die woestyn deur die Israeliete nagekom moes word, het dan ook verval toe EK na die aarde gekom het en die mense se oë oopgemaak het. EK het nie die wette van die reiniging nagekom nie, omdat EK alreeds rein was sedert ewigheid. EK het ter wille van die mense waarby EK tuis was in MY kinderjare, gedoen wat hulle MY aangesê het

om te doen en sodoende was EK ook ‘n voorbeeld vir die nageslag, wat hulle ouers moes eer. Maar die wette het EK nie nagekom nie en dit was vir baie ‘n doring in die vlees en hulle het MY al van kleins-af begin haat. EK weet wat nodig is vir die sieleheil van die mens en sê dan nou ook dat die baie wette wat gehou moes word, nie tot die voordeel van die siel gestrek het nie. Dit het eerder die mens gedwing om agteraf sy sondes te doen en dan het die tempel miljoene daaruit gemaak, omdat hulle dan ook die geleentheid gesien het om ryk te word daaruit. Daarom het EK na die aarde gekom, om die wette van Moses vir die Israeliete in die woestyn te kom vervul. EK het die onnodige vergeefse wette kom afstel en net MY wette van liefde, wat vandag nog staan, kom herstel. Wat is die beste? Om mense te dwing om ‘n klomp wette te gehoorsaam en hulle dan sodoende tot poppe van gehoorsaamheid aan MY te dwing? Of is dit beter om die mense se harte te laat verander sodat hulle uit vrye wil uit, hulle naaste en MY bo alles sal liefhê? EK sou sê dit is beter om die mens se hart in liefde te verander, sodat hy uit vrye wil nie meer sal sondig nie. Dan hoef jy hom nie met ‘n valkoog dop te hou of hy nie dalk die goed van sy naaste steel nie. Jy hoef dan ook nie bekommerd te wees of jou buurman dalk nie skelm by jou vrou kuier nie. MY kinders, verstaan julle nou waarom EK so op die liefde hamer? Dit is omdat EK SELF liefde is en EK SELF sal julle harte verander sodat julle niks verkeerd doen uit julle eie uit nie. Daar is nie sin in om ‘n klomp wette na te kom, wat jou MOET verander, maar dit nie regkry nie, omdat dit die vrye keuse van die siel is. Maar daar sit sin in om die hart in liefde te verander sodat die liefde die aanwysing sal wees van alles wat jy doen. Is die liefde nie die aanwysing hoe jy jou meisie of vrou moet behandel nie. Die liefde wys jou hoe jy jou vrou moet behandel en dit sal altyd met die grootste respek en deernis gedoen word. Daarin lê vir julle die bewys dat die liefde die enigste riglyn vir julle moet wees. MY woorde wat gespreek is, sal vir altyd bestaan, maar die woorde deur ‘n mens, en hier praat EK van Moses, sal nie vir ewig bestaan nie, al het EK MY toestemming vir die wette gegee. Dit was nog steeds hy wat dit van MY gevra het en nie ‘n besluit uit MY eie wat Ek op hulle afgedwing het nie. As julle MY gehoorsaam, sal julle nie nodig hê om ‘n klomp wette te gehoorsaam nie, maar sal julle harte

in liefde verander, en sal dan alles doen wat EK van julle verwag, uit julle eie uit. Dit is dan die rede vir die wette, gegee deur Moses, MY kneg wat MY volk uit Egipteland uitgelei het.

Amen.

# Hoofstuk 36

***7 Feb. 2008 07:40***

EK het in My Alwysheid alles geskape soos wat dit is en weet ook wat die beste is om te doen en wat nadelig is vir die mens, asook die aarde. MY kinders, EK het dit goed geag om die son te maak sodat dit die aarde kan verwarm en ook die aarde bevoeg maak vir lewe op die planeet. EK het aan die son sekere eienskappe toegeëien en daarin lê die lewe baie duidelik op die oppervlak. Daar is in die strale van die son, miljoene sieledeeltjies teenwoordig en daardie sieledeeltjies is verantwoordelik vir baie dinge wat hier op aarde gebeur. EK het byvoorbeeld die son toegerus met die deeltjies wat julle velle verbruin en sodoende vir julle baie voeding deur die vel gee. EK het ook giftige deeltjies daarin gesit wat deur die osoonlaag opgevang moet word, maar wat in vandag se tyd, déurdring en die mense op die grond bereik. Daarom is daar so baie mense wat vandag velkanker kry en ongesond is. Die rede hiervoor is die feit dat die mens allerhande giftige produkte op die mark gestel het en daardeur die osoonlaag vernietig het. MY kinders, die osoonlaag is daar met 'n rede en die rede is dat dit baie van die son se strale verdun en die giftige deeltjies terughou sodat dit nie na benede kom nie. Julle het in julle aardse wysheid gedink dat dit nie nodig is om MY skepping op te pas nie en het daarom die giftigste middels op die aardbodem begin gebruik. Dit het die osoonlaag so vernietig en nou kan niemand meer vir lang tye in die son bly soos voorheen nie. Julle voorgeslagte kon vir ure in die son bly, sonder om kanker te kry. Die enigste rede waarom hulle partymaal die son vermy het, was oor die hitte en hulle het dan ook net tydens die warmste tye uitgebly. EK het dan ook hulle werk geseën en hulle het nie nodig gehad om al die giftige middels op hulle gewasse te spuit soos julle vandag nie. Hulle gebede was genoeg om hulle 'n goeie oes te verseker. EK wil hê dat julle weer soos in die ou tyd, voordat daar duur middels op die mark gekom het, net op MY moet vertrou vir alles. Selfs julle gesondheid moet julle aan MY toevertrou en sonder om altyd eers dokter toe te hardloop, moet julle leer om in MY te vertrou vir julle genesing ook. Die middels waarmee julle van-

dag gesond gemaak word, is selfs net so giftig en die manier waarop dit berei word, is ook skadelik vir die natuur. As julle weer teruggaan na die “ou metode” van bid en vertrou, sal alles vir julle beter word en julle sal gesonder leef, sonder om MY skepping te vernietig, wat vir julle nadelige gevolge inhou. Gaan eerder na jou binnekamer en bid, as dat jy na die dokter se spreekkamer gaan. Daar in jou binnekamer is die beste Geneesheer en Hy is altyd teenwoordig en nooit laat nie. Ook hoef jy HOM nie duur bedrae geld te betaal en HOM eers op afspraak te sien nie. Gaan na HOM wanneer jy wil en HY sal jou help. HY is alles in een. Die arts wat harte en liggame kan heel sonder die medisyne wat op die mark is. Al medisyne wat nodig is vir hierdie Dokter om na jou klagtes te luister is Liefde, geloof en hoop, in hierdie volgorde, en voordat jy weet, het EK jou al genees. Leef eenvoudig en sondig nie, dan sal jy nie siek of ongesteld raak nie. EK sal enige beserings van jou afweer as jy jouself rein hou en nie sondig nie. EK is nie net jou Geneesheer nie, maar ook jou bewaarder, sodat jy nie jou voet teen ‘n klip stamp en jouself sodoende beseer nie. Dink maar aan die voorgeslagte en julle sal moet erken dat hulle geloof hulle deur alles gedra het en nie die outydse medisyne wat nie so kragtig en giftig soos vandag se goed was nie. Geloof in MY en Liefde vir die Geneesheer is al wat julle nodig het, en EK sal MY haas om julle te help. Dink daaraan en leef vir MY.

Amen.

# Hoofstuk 37

***7 Feb. 2008 08:02***

Daar word baie gesê oor die feit dat die tegnologie vooruitgaan en daarin lê die grootste fout, omdat deur die ontwikkelende tegnologie, baie dinge verlore gaan. Wat EK daarmee bedoel is dat baie mense nou sonder werk sit wat voorheen darem 'n werkie sou gehad het, omdat handearbeid nodig was. Maar in die tyd waarin julle lewe, word daar so baie dinge geskep wat die mensehulp oorbodig maak. MY kinders, EK wil julle aanraai om nie altyd die beste ding op die mark te hê en sodoende vir julleself die lewe so maklik te maak en mense van die edele taak om te werk weerhou nie. EK, wat julle Vader is, sien alles en kan vir julle sê dat daar waar daar nog met die hande dinge gedoen word, die mense 'n baie beter innerlike lewe en goeie selfbeeld het. EK wil julle daarom aanraai om nie alles meganies te doen en jou liggaam sodoende teveel te pamperlang nie. EK wil nou nie sê dat julle met die voete moet stap en die gras met die sekels moet sny nie, maar dit is nie nodig dat julle alles moet meganiseer en lui word daardeur nie. Kom na MY, voordat jy weer iets nuuts wil koop en EK sal vir jou sê of dit nodig is vir jou om dit te hê, of nie. EK het die mens die verstand gegee om dinge te kan ontwerp en het dan ook die mense wat dinge ontwerp het, die idee gegee om daarop af te kom. Maar waarvan EK praat, is die lui mens wat nie tien tree kan stap nie en niks vir homself kan doen nie. Moenie teveel arbeiders huur, sodat jy niks het om te doen nie. Die gesonde mens, innerlik en liggaamlik, is die mens wat iets met sy hande kan doen en werksaam bly. EK het aan elkeen die liggaamlike krag gegee om arbeid te verrig en daarom wil EK hê dat julle dit moet doen. Maar dan is daar nou weer 'n ander gevaar ook en dit is die gevaar van teveel werk, en die mens wat nou weer die werk voor alles stel, is MY nie werd nie. Raak rustig as jy teveel werk en raak besig as jy lui is. Jy sal weet wanneer jy nie gebalanseerd is nie. Daar moet 'n tyd wees vir MY en MY dinge en terwyl jy met jou hande werk, kan jy met MY in jou hart besig wees. Dit wat EK wil hê, is dat jy nie lui sal wees nie, maar ook nie MY tyd sal beperk omdat jy werk het nie. Daar moet 'n

gesonde balans wees en Ek sal in jou binneste daardie balans vir jou uitwys. MY kinders, julle sal verbaas wees hoeveel tyd julle wel aan aardse dinge spandeer en nie aan MY nie en daarom wil EK julle sê om aan MY te dink, die hele dag, terwyl jy jou ander werk doen, en wanneer EK jou roep om stil te wees saam met MY, moet jy alles net so los en na MY kom. EK sal al jou aardse dinge op MY neem en wanneer jy dan weer gaan werk, sal alles net so glad verloop sodat jy vinnig klaar kan kry en weer na MY kan kom. Dink hieroor na en weet dat julle geestelike groei afhang van die tyd wat jy aan MY spandeer.

Amen.

# Hoofstuk 38

***7 Feb. 2008 08:19***

EK ken alle harte en sal daarom ook weet in watter toestand jou hart is. EK weet as jy sonde doen in jou hart en Ek weet ook wanneer jy opreg is. Daarom sal EK dit bekendmaak in die hiernamaals en elke ding wat jy gedoen het, en hoe jy was, sal baie duidelik op jou gesig te siene wees. EK laat elke mens sy eie siel vorm soos wat hy werklik binne sy hart is. As jy vol sonde is en weier dat EK jou skoonmaak, sal jou siel lyk net soos wat jy werklik is. Baie van die mense wat in die hiernamaals aankom, lyk verskriklik en hulle is heeltemal boos. Daarom lyk hulle dan ook soos gedrogte en kan hulleself nie verander om mooi te lyk en almal te flous met hulle voorkoms nie. Almal wat hulle dan sien, sal weet dat hulle sondaars was wat grof teen MY gesondig het. EK sien vandag dat mense hulle kinders toelaat om met speelgoed te speel wat die demone uit die hel voorstel, en nie eers daarvan bewus is nie. Daar is nie sulke goed soos monsters nie. EK het nie sulke wesens geskape nie, maar die mens skep dit in hulle harte en lyk dan so, die oomblik wanneer hulle die liggaam aflê en die liggaam dan nie meer daar is om die slegte dinge weg te steek nie. Dan is alles so duidelik soos daglig en elke mens sal dan kan sien waar daardie mens se foute lê. Die demone in die hel word dan ook so "oulik" as moontlik aan die kinders voorgestel deur programme op die televisie en ook deur die speelgoed wat verkrygbaar is. MY kinders, julle sal met 'n skok besef wat aangaan as julle julleself net aan MY oorgee sodat EK julle lei en julle oë oopmaak. Dit word dan so goed as moontlik voorgestel om óok so te lyk en die mens het dan nie meer 'n vrees vir sulke monsters nie. Daardie monsters loop vandag tussen julle, omdat dit die sonde voorstel en elke een wat in daardie sonde deel, dan van binne so lyk. Die norm vandag om meisies op vroeë ouderdom na die skoonheidsalonne te neem en hulle op te tooi, is dan ook verantwoordelik vir baie van die lelike "innerlike monsters" wat geskep word. Soos wat EK alreeds gesê het, het EK nie monsters geskep wat in die natuur loop nie. Die monsters is die innerlike van elke mens wat hom nie tot MY bekeer nie en in ydel-

heid en hoogmoed rondloop. Kyk maar na die innerlike van mense en julle sal kan sien of daardie persoon MY vrug dra. As hy nie vir MY vrug dra nie, sal sy innerlike soos die hel self lyk. Dit is ook moontlik vir so iemand om reg te kom en EK sal sy siel heeltemal verander en in die mooiste engel omskep, sodra hy MY om vergifnis vra en sy lewe op MY rig. EK sal dan al die vuil van hom afwas en hom verander en mense sal dan ‘n merkbare verskil by hom sien. Die mens wat MY liefhet, lyk weer soos ‘n engel en sal ook MY vrugte dra wat by MY pas en daarin sal julle so iemand kan herken. Maar in die hiernamaals, waar niemand meer ‘n aardse liggaam het waaragter hy kan skuil nie, sal niemand sy innerlike, ware self kan wegsteek nie en met ‘n skok sal mense sien wat regtig in daardie mens se hart aangegaan het. Dit sê EK julle en julle kan MY maar glo, want EK is die Skepper en Heerser van alles. EK deurgrond en ken alles en ken ook die diepste wese van elke mens. Niemand kan iets vir MY wegsteek nie en EK sal alles van die dakke af verkondig in die lewe hierna. Kry liewer jou lewe reg en wees soos ‘n engel, as wat jy soos ‘n volslae duiwel in die hiernamaals lyk. Glo MY nou.

Amen.

# Hoofstuk 39

***9 Feb. 2008 05:44***

EK maak beloftes aan almal wat MY liefhet en daardie beloftes sal EK nakom. EK het aan MY skryfkneg belowe dat EK haar vandag sal help om nog nader aan MY te kom, as sy MY die hele dag kom opsoek en dit sal EK doen. EK sal dit vir elke liewe mens doen wat MY met 'n ernstige hart kom soek. EK wil aan julle beloftes maak omdat dit in MY mag is om dit na te kom en MY beloftes aan julle tot op die laaste letter te volvoer. Terwyl julle alles aan MY gee, sal julle alles en nog meer van MY ontvang, sodat julle nie 'n hongerte in julle siele sal ondervind nie. EK wil al MY kinders voed en klee met die geestelike voedsel en kleding sodat julle nie honger en naak voor MY sal verskyn nie. As julle na MY kom met al julle probleme en nie na die wêreld hardloop nie, sal alles vir julle sommer maklik opgelos word. As EK beloftes maak, sal dit nie onvervuld bly nie en dit sal gebeur net soos wat EK dit aan julle gesê het, al lyk dit of dit darem baie lank vat om te gebeur. MY kinders, wees maar net gerus, dit sal wel gebeur. EK het in die verlede al baie beloftes aan MY kinders gemaak en net voordat hulle dink dat dit nie die waarheid is nie, gebeur dit. EK het aan Abraham belowe dat EK sy nageslag soos die sterre sal maak en die hoeveelheid sand van die see en hy het gedink dat hy maar vir hom 'n ander vrou moet vat sodat dit sal gebeur, maar dit was nie MY wil om uit enige ander vrou vir hom 'n nageslag te verwek wat MY Naam sou dra, behalwe uit Sarai nie. En EK hét MY belofte aan hom nagekom. Hy het weliswaar nie so lank op aarde gebly om sy nageslag te sien tot hulle so baie soos die sterre was nie, maar EK het hom geseën sodat hy baie van hulle kon sien op aarde en daarna het hy hulle vanuit MY paradys gesien. Hy waak oor sy nageslag en dra julle gedurig aan MY op, omdat hy die belofte wat aan hom gemaak is deur MY, sien gebeur het en julle almal net so liefhet soos wat hy Isak liefgehad het. EK het MY belofte aan hom gestand gedoen en sal dit ook vir ieder en elk doen wanneer julle na MY vra en EK julle iets belowe. Die geestelike eenwording met MY is iets wat EK aan elke een wat MY liefhet en soek belowe en dit sal ook so aan

julle gegee word, wanneer Ek sien dat julle werklik ernstig is daaroor. Kom net weer en weer na MY en kom soek na MY met julle hele hart en EK sal nie uitbly nie. Julle sal dit so stadig maar seker sien gebeur en EK sal julle stelselmatig Een met MY maak, omdat dit nie ‘n proses is wat binne een uur gebeur nie. Daar is baie opoffering van jou kant ook nodig. EK het gesê dat julle MY moet liefhê met alles wat in julle is en dat julle julle eie ek moet kruisig en wanneer julle dit doen, sal EK so stil kom dat julle nie eers daarvan bewus is nie en EK sal MY woning in jou hart kom maak en voor jy mooi weet wat aangaan, sal EK jou Een met MY maak. EK het gesê dat EK julle halfpad tegemoet kom in die Eenwording met MY en dit sal so wees. Omdat EK weet dat julle MY nêrens sal vind as EK MY nie deur julle laat vind nie, sal EK kom en MY woning SELF by julle kom maak. Dink daarom nie dat MY beloftes onvervuld sal bly nie en glo alles wat EK vir julle sê, omdat dit wel sal gebeur, al is dit nou eers oor een jaar. Maar wanneer EK jou ‘n tyd gee, sal dit so gebeur, maar jy moet ook mooi verstaan dat jou tyd nie MY tyd is nie. EK weet wanneer EK dit sal doen wat EK jou belowe het. Dit is waar en gewis.

Amen.

# Hoofstuk 40

***9 Feb. 2008 06:14***

EK sal julle almal na veilige bewaring lei, voordat die groot dag in julle land plaasvind. Julle sal deur MY beskerm word en EK sal julle hande vashou en nie een wat MY liefhet, sal beseer word of doodgemaak word nie. Ek sal julle almal teen MY bors vasdruk en dit is ook ‘n belofte wat EK aan julle maak. EK weet dat daar vandag baie bedreiginge in die land en wêreld is, maar omdat EK hier by julle is en julle vashou, moet julle nie twyfel of bang wees nie. EK sal julle na die veilige bewaring bring wat EK vir julle berei het, maar dan wil EK eers jou hart en jou alles hê. Alles wat EK vir jou sal gee, is reeds daar waar jy dit net moet kom ontvang. Julle wat MY liefhet, weet teen hierdie tyd dat jy alles weer sal ontvang wat jy vir MY opgegee het. EK het dit ook al aan julle belowe en dit sal so geskied. Wees maar net nie bang nie en vertrou net op MY, wat julle almal deur hierdie swaar stryd sal dra en weet, EK kom julle verlos. Wanneer julle MY bo alles stel, stel dit MY in staat om julle net so te vat en julle te reinig, maar wanneer jy terughou en nie heeltemal skoon wil kom nie, sal jy nie deur MY gereinig kan word nie omdat EK niemand dwing nie. EK wil oorgawe hê uit vrye wil en daarom sê EK dat julle na MY moet kom, sonder enigiets wat julle teëhou. Dit sê EK weer vir julle. EK het dit al vir julle gesê, maar EK sien dat daar baie mense is wat deur MY gereinig wil word, maar nog dinge terughou en dit nie wil opgee nie. EK belowe jou, jy sal alles weer terugkry en nog meer. Gee dit net in MY Hande oor.

Amen.

## Naskrif:

EK het aan julle baie dinge hierin gesê wat julle nog nie verstaan nie. Julle dink dat julle elke liewe woord hierin begryp het, maar Ek, julle enigste Vader sê aan julle dat julle nie die helfte begryp het nie. Wanneer jy hierdie boekie klaar gelees het, moet jy MY weer kom vra vir helderheid en EK sal dit vir jou gee wanneer jy dit die tweede keer weer lees. EK het so baie om aan julle te sê, maar julle is nog te onryp daarvoor en daarom sal EK dit berg vir 'n bietjie later. EK sal alles wat julle nie kan verstaan nie, SELF aan julle verduidelik en moenie na 'n mens toe gaan vir helderheid nie. EK sal jou help, omdat EK alles kan sien wat binne jou is en op die regte tyd, sal jy alles verstaan. Dink maar nie dat jy dom of onnosel is nie, want EK het dinge vir jou verberg, omdat EK wil hê dat dit op die regte tyd aan jou bekendgemaak moet word. Die rede daarvoor is, dat jy op die regte tyd en met die regte omstandighede baie meer sal leer as wanneer jy alles met een slag sou verstaan en dit nie kan toepas in jou daaglikse lewe nie. Soos wat EK dit wil doen, sal dit jou baie beter te pas kom en jy sal dit met jou hart, baie diep kan verstaan as wanneer jy dit net lees en dit met jou verstand verstaan. Kom dra dit aan MY op en EK sal jou lei.

Amen

(Liewe lesers, voordat ek met Die verborgenheid begin het, het Jahshua vir my gewys wat hierin sal staan. HY het vir my 'n groot diamant gewys wat op SY hand lê en gesê dat dit skatte is wat hierin sal wees. **Kollosense 2 vers 2,3;** *"dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en die Messias, in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is. "*

Hierdie vers sluit baie mooi hierby aan, want dis presies wat Vader vir my gewys het. Groete Louise )

# DIE EINDE